# DIE ONTWERP VAN 'N POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING

**Hoofstuk 1**

Inleiding, konseptualisering, probleemstelling en programaankondiging

**Hoofstuk 2**

`n Oorsig van enkele epistemologiese vertrekpunte tot beroepsvoorligting

**Hoofstuk 3**

Kultuur en kruiskulturele faktore in die ontwerp van `n model vir beroepsvoorligting

**Hoofstuk 4**

`n Oorsig van bestaande modelle vir beroepsvoorligting

**Hoofstuk 5**

**`n Postmodernistiese model vir beroepsvoorligting**

**Hoofstuk 6**

Implementering en uittoetsing van die model

**Hoofstuk 7**

Samevatting en aanbevelings



# HOOFSTUK VYF
# 'N POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING

## 1 INLEIDING

Ontnugtering weens onvervulde ideale het aanleiding gegee tot die einde van die moderne era wat volgens Wheale (1995:9) gekenmerk is aan *'n verlies aan vertroue in gesistematiseerde kennis en gesofistikeerde tegnologie, omdat dit nie "n beter lewe" vir die mens kon bewerkstellig nie.*

Die Westerse, rasionele en objektief-wetenskaplike paradigma word toenemend bevraagteken. Söhnge (1994:5) voer aan dat kritiek teen die moderne era idees en perspektiewe verabsoluteer. Dit spruit voort uit die moderne wetenskaplike beskouing, en bied nie langer oplossings vir maatskaplike en individuele vraagstellings nie.

Die samelewing (soos wat dit in die moderne era bestaan) is nie meer goed genoeg nie en vanuit alle oorde heers 'n gees van aanklag teen rasionalisme, humanisme, individualisme en progressiwisme (Kirsten 1988:18). Wat eens beskou is as oplossings vir probleme en wat die vooruitgang van 'n samelewing beloof het, word huidiglik as onderliggende oorsaak vir 'n verskeidenheid sosiale probleme geag. Savickas (1993:207) stel dit soos volg: *Yesterday's solutions are today's problems.*

Daar heers volgens Savickas (1993:207) 'n ambivalente gevoel teenoor die objektiwistiese wetenskap van die moderne era. Hy beskryf dit soos volg:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*On the one hand, it has given us penicillin, cars, telecommunications, food, compact disks, televisions, and airplanes. On the other hand, it has given us bombs, air pollution, and holes in the ozone layer.*

Volgens Stone (Van der Walt 1995:178) vermy die moderne era met norme van konsonansie, enige meningsverskille en ontsê sodoende minderheidsgroepe hul menings. Daarteen is die postmodernisme nie gefundeer op vaste begrondinge en onaantasbare kategorieë (soos geslag, ras, klas, ouderdom) nie, en dit stel ook nie belang in ontologiese strukture en universele wette nie. Die postmodernisme wil juis die universalisme wat in die modernisme aan ewige wette, strukture en kategorieë verbonde was, dekonstrueer en oplos in partikularisme en plaaslike belang.

Rust (1991:612) stel die volgende aangaande die postmodernisme:

*Wė are currently in the midst of a scientific revolution that began in the 1960's and in which the modern (scientific) paradigm, with it's technical rationality, is being dislodged by the postmodern paradigm with it's eclectic perspective.*

Janssens (Spies 1998:130) is van mening dat die postmodernisme uitgedien is, terwyl Spies (1998:130) egter glo dat dit gewoonlik 'n lang tyd neem voordat nuwe idees in Suid-Afrika gevestig word en gevolglik van mening is dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap heel waarskynlik nog vir 'n geruime tyd blootgestel gaan word aan postmoderne denkpatrone.

Beroepsvoorligting as dissipline moet rekening hou met die veranderinge en eise wat deur 'n postmoderne samelewing gestel word. 'n Daadwerklike poging behoort deur beroepsvoorligters in Suid-Afrika aangewend word om sterker seggenskap in die huidige diskoers te verkry. Die ontwikkeling van beroepsvoorligting as vakgebied impliseer dat daar doelgerig gearbei moet word om nuwe metodes en strukture te skep wat relevant is vir die tydperk en die gemeenskap wat hulle bedien.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# 2 DIE MODERNE ERA: KERNELEMENTE EN PROBLEME

## 2.1 Agtergrond

Volgens Kirsten (1988:20) het die term "modern" 'n lang geskiedenis en word dit in die Latynse vorm *("modernus")* reeds sedert die 5de eeu in 'n chronologiese sin gebruik. Die bedoeling met hierdie term was om die hede wat offisieël Christelik geword het, van die Romeinse en Heidense verlede te onderskei. Dit blyk verder dat die term "modern" aangewend is om 'n epogale tydbewussyn, dit wil sê die besef van 'n opsienbare historiese wending, aan te dui.

Cahoone (1995:4) beklemtoon dat die term "modern" verwys na nou, die kontemporêre tyd, met die implikasie dat die huidige aansienlik verskil van vroeër tye. Giddens (1990:39) werp 'n ander lig op die term "modern":

> *It is often said that modernity is marked by an appetite for the new, but this is perhaps not completely accurate. What is characteristic of modernity is not an embracing of the new for it's own sake but the presumption of wholesale reflexivity - which of course includes reflection upon the nature of reflection itself.*

Denkrigtings soos die Modernisme, Rasionalisme en Verligting was vir lank dominante denkstrome in die Westerse samelewing en volgens Söhnge en Arjun (1996:88) strek hierdie tydperk in die Westerse, Eurosentriese wêreld oor meer as vier dekades vanaf die Renaissance tot in die twintigste eeu. Lötter (1995:38) beklemtoon egter dat dit belangrik is om te besef dat modernisme nie aan die Europese kultuur behoort nie. Ofskoon dit waar is dat modernisme 'n skepping van Europa is, vestig Heller en Fehér (1988:146) die aandag daarop dat Europa op sy beurt deur die modernisme geskep is. Die Europese kultuur het op dieselfde tyd begin vorm as wat die patrone van modernisme begin vorm aanneem het.

Modernisme in die Westerse kultuur word gekoppel aan die prosesse van meganisering en vooruitgang op die terreine van wetenskap en tegnologie. Doll (1990:42) is van mening:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> *The modernist paradigm...underlies Western thought from Copernicus through Einstein...Newton's world was one of simple order: predictable in it's movements, uniform in it's applications, steady in it's mechanism.*

Newton se klassiek-wetenskaplike perspektief het ontwikkel tot wat tans as die moderne paradigma bekend staan. Afgesien van Newton se wetenskaplike standpunte berus dit ook op die idees van die van Descartes, die Industriële en Franse rewolusies, die Verligting, en die Westerse sekularisme. Volgens Söhnge en Arjun (1996:88) het Newton, Bacon en Descartes *inter alia* bygedra tot die totstandkoming van die moderne denke.

Degenaar (Malan 1995:1-2) verwys na die moderne era as 'n diskoers en beskryf dit soos volg:

> *It strives towards a rational explanation of the world, assuming that rationality has a universal validity which enables us to develop a grand theory about reality and a grand narrative of human progress.*

Hierdie era word gekenmerk aan groot ontwikkeling in die industrie (soos atomiese wetenskap en elektrisiteit) en betekenisvolle ontwikkeling op akademiese gebied. Gesag in hoofsaak berus in menslike rede en alle verantwoordelikheid het na die subjek verskuif. Van Zyl (1995:168) stel dit soos volg

> *With the emphasis that was put on the subject after the Enlightment the responsibility for accountable behaviour also shifts to the subject. Modernity is the era in which the main point of authority rests in human reason.*

Die rasionaal onderliggend aan die objektivering van kennis is dat kennis die samelewing in staat stel om akkurate voorspellings te maak oor 'oorsaak en gevolg'-verbande om sodoende in beheer van die toekoms te staan. Gergen en Kaye (1992:167) beweer: *for the modernist, the good society can be erected on the foundations of empirical knowledge.*

Lötter (1995:38-40) identifiseer verskillende komponente waaruit die term "moderniteit" bestaan en beklemtoon dat 'n samelewing as gemoderniseerd geklassifiseer kan word indien daar sprake van hernuwing is waar een of meer van die komponente van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"moderniteit" effek geneem het. Die mate/graad van modernisering kan dus varieer. Hierdie komponente kan soos volg beskryf word:

- Een van die eerste komponente van die moderne era wat na vore getree het was die verskyning van die moderne wetenskap, wat die mens se begrip van beide die wêreld en tegnologiese ontwikkeling verander het.
- 'n Kapitalistiese produksiemetode het tot stand gekom.
- Moderne tegnologie het industrialisasie moontlik gemaak. Industrialisasie en kapitalisme het volgens Lötter (1995:39) bepaalde effekte op die samelewing gehad, naamlik: die skep van verskeie nuwe menslike omgewings; grootskaalse verstedeliking; die ontwikkeling van massakommunikasie; verhoogde leeftempo en nog vele meer.
- Die ontstaan van nasiestate met gepaardgaande nuwe administrasiesisteme.
- Die toenemende ontwikkeling van liberale demokrasieë gebaseer op menseregte.

Johansson (1992:47) lewer die volgende uitspraak aangaande die komponente van die moderne era:

> *The rise of mass production, mass marketing, and mass media has produced a new society in which the overwhelming spirit is the industrialization of everything, including modern man himself, who is forced into an advocacy of technical and mechanical manipulation and who in turn becomes sub-man, a mere cog in a gigantic operation. Man becomes dehumanized, trivialized and alienated from his past, his community, his work, and ultimately himself. He is a slave to a lifestyle.*

Uitsprake soos hierdie reflekteer die ontevredenheid wat tot stand gekom het jeens die moderne era. Kritiek word vanuit alle oorde teen die moderne era uitgespreek omdat dit die individu marginaliseer. Met spesifieke verwysing na die sielkunde, wat uiteraard ook beroepsvoorligting insluit, word die bestaande metodes en tegnieke as onregverdig en bevooroordeeld gekritiseer. Mc Lean (1997:10) verklaar dat daar byvoorbeeld in die sielkunde gebruik gemaak word van klassifikasiesisteme soos die DSM IV wat voorheen gekritiseer is vir die eng verduideliking op individuele vlak, terwyl ander faktore wat bydraend tot die probleem is, buite rekening gelaat word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die metodes en middele wat op die terrein van beroepsvoorligting as toegepaste wetenskap aangewend word, maak gebruik van objektiewe, rasionele en logiese passing van individue met bepaalde beroepe. Beroepsvoorligting binne hierdie konteks vind plaas op grond van 'n positivistiese-wetenskaplike benadering wat in 'n groot mate op 'n psigometriese paradigma berus. Fraser (1998:9) beklemtoon dat die psigometriese paradigma gekarakteriseer word as *scientific rationality, utilitarian values and a preference for quantative methods for collecting, interpreting and evaluating data.*

Fraser (1998:9) beweer ook dat mense se modernistiese denk- en leefwyse hul van die alledaagse lewe vervreem het, terwyl die postmodernistiese waardering vir die realiteit weer 'n nuwe ingesteldheid teenoor sosiale belang na vore laat tree het. Kuhn (McLean 1997:10) maak die volgende stelling om dié wending na die postmoderne era te illustreer:

> *There has been a growing belief that "truth" is a matter of perspective and that we do not improve our knowledge of the world through systematic study, but by the way we shift our way of seeing the world.*

## 2.2 Die kernelemente van die modernisme

Degenaar (Richards 1997:12) beskryf die moderne era as 'n diskoers waarbinne daar gestrewe is na 'n rasionele verduideliking van die wêreld. Die aanname dat rasionaliteit universeel geldig is en dat dit die mens in staat stel om 'n **enkelvoudige teorie** oor die realiteit en 'n **enkele waarheid** van menslike ontwikkeling en vooruitgang te skep, is gehuldig. Hierdie vertroue wat in die menslike rede gestel is, het aanleiding gegee tot uitgebreide wêreldbeskouings en verduidelikings van die heelal. Alle dinge is geag as 'n eenheidsisteem aangesien alles aan dieselfde metafisiese basiese realiteit gekoppel was. Individuele komponente is beskou as ondergeskik aan die geheel. Hierdie eenheid het outomaties aanleiding gegee tot kontinuïteit wat 'n basiese karaktertrek van die moderne era was.

Die metafisika het steeds die epistemologie oorskadu tot aan die einde van die 17de eeu toe die wetenskap en wetenskaplike metodes groter onafhanklikheid begin

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



openbaar het. Dit was die voorloper van die era van sogenaamde outonomiteit en suiwer rasionalisme.

Kernelemente van die modernisme wat volgens Richards (1997:13-16) besondere aandag moet geniet, sluit in die **outonome rede** en **universalisme**. Richards se historiese beskrywing daarvan kan soos volg uiteengesit word:

### 2.2.1 Die outonome rede

Die outonome rede was teenwoordig sedert die Griekse tyd, deur die Middeleeue, en die Renaissance, tot in die moderne era. In die moderne era is 'n groot mate van vertroue op die outonome rede geplaas, wat 'n totale subjek-aangedrewe kennisteorie tot gevolg gehad het. Beide geloof en objektiewe realiteit is in hierdie stadium weggelaat uit die kennisteorie. Die outonome rede was bepaald die hoofbron waarop wysgere soos Descartes (17de eeu), 'n ware moderne rasionalis, en ander moderne rasionaliste gereken het.

Die oorsaak-gevolg (*a priori*) tema is geradikaliseer deur die outonome rede se onafhanklikheid van ervaring aan te kondig. Hiervolgens word daar gereken op die wette en reëls soos wat dit onafhanklik in die menslik denke bestaan.

Hierdie benadering is selfs nog 'n stap verder geneem deur Kant wat die buitewêreld as iets onbekends beskou het en voorgehou het dat die wêreld moes aanpas by die wette van die menslike denke. Hegel en Fichte (Richards 1997:14) het selfs verder gegaan en groter mag aan die outonome rede toegeskryf, om sodoende vir God te vervang -- die rede is beskou as wetgewende gesag in die universum. Volgens Richards (1997:14) is hierdie absolute idealistiese beskouing verteenwoordigend van ekstreme subjektiwisme. Hierdie ekstreme beskouing van kennis sowel as die negatiewe resultate van rasionalisme, het wye reaksie teenoor die modernisme tot gevolg gehad.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2.2.2 Die universalisme (totaliteitsbeginsel)

Universalisme was volgens Richards (1997:15) die tweede grootste struikelblok van die modernisme. Die geskiedenis van die moderne era getuig daarvan dat daar deurgaans 'n sentrale posisie aan universalisme toegeken is. Volgens Richards (1997:15) moet daar na die Westerse wêreld se geskiedenis gekyk word om die oorsprong van universalisme, te bepaal. Hy beskryf vier onafhanklike manifestasies van die universalisme naamlik:

- Die Joods-Christenbeweging, wat in die ou en nuwe testament gekenmerk is aan die beklemtoning van eenheid, waar Christus as die oppergesag en onderwyser bestempel word.
- Die Romeinse ryk wat staatgemaak het op mag en politieke maatstawwe met 'n politieke visie van wêreldwye eenheid.
- Die Grieke se soeke na 'n permanente verheerlikte wêreldorde. Die element van verskil is geïgnoreer, terwyl eendersheid nagestreef is as bron vir eenheid. Etikette van hierdie tydperk was wêreldorde, rasionaliteit, reduksie tot die universele en vereenvoudiging.
- Die Germaanse konsep van solidariteit in die samelewing as geheel. Eenheid in hierdie samelewing het veiligheid met betrekking tot die chaos van die buitewêreld beteken. Die 'onbekende' moes beheer word en moes gevolglik vernietig word indien dit bedreigend sou raak.

Die postmodernisme verkies die partikulêre bó die universele, fragmentering bó eenheid en verskille bó ooreenkomste. Pluralisme is die dominante term in die postmodernisme en die klem word eerder op die praktiese as die teoretiese geplaas. Postmoderniste soos Lyotard bied weerstand teen die universalisme omdat dit aanleiding gee tot toutologieë.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2.3 Probleme/ Kritiek

Lötter (1995:42) beweer dat modernisme heelwat beloftes ingehou het in die beginfase, naamlik: nuwe geleenthede van toenemende welvaart vir alle mense, verbeterde lewensomstandighede, sosiale vryheid, 'n gelukkiger lewe en nog vele meer. Hierdie beloftes het 'n algemene geloof in menslike vooruitgang gegenereer. Giddens (1990:7) waarsku egter dat modernisme 'n tweesnydende verskynsel is.

Ofskoon modernisme vele van die beloftes wat dit ingehou het, nagekom het, het dit volgens Lötter (1995:43) ook 'n donkerder sy. Lötter verduidelik:

> *Not only by failing to live up to some of it's promises, but also by generating new forms of power that restrict human freedom. Some aspects hereof are the threat of nuclear holocaust: the devastation brought about by modern wars; the loss of values; identity and purpose; environmental disasters and catastrophes; various forms of alienation genocide and the Gulag.*

# 3 Postmodernisme

## 3.1 Inleiding

Savickas (1993:208) gee 'n akkurate beskrywing van hoe die moderne Westerse samelewing bepaalde veranderinge ondergaan en tot 'n nuwe diskoers toetree. Hy beskryf dit met die volgende woorde:

> *It is certain that our society is taking a fundamental step beyond positivism, objectivistic science, and industrialism. The question of what we are moving toward however, remains unanswered. A tentative answer lies in the postmodern discourse in the social sciences.*

Die vermoede dat 'n epogwending op hande is, word volgens Kirsten (1988:19) op verskillende maniere en binne verskillende samehange geformuleer. Dit het binne die laaste twee dakades in verskillende akademiese dissiplines gebruiklik geword om die huidige tydvak met behulp van 'n 'post'-karakterisering te beskryf. Kirsten (1988:19) voer aan dat die eietydse Westerse samelewing om die beurt as postkapitalisties,

postindustrieël, postchristelik, postmarxisties, postindividualisties oftewel postmodern bestempel word.

Histories gesproke verwys die begrip "postmodernisme" na 'n tydperk ná modernisme, breedweg na die dekades vanaf 1970 tot die huidige tyd. Teoreties gesproke verwys dit egter na 'n gesindheid teenoor modernisme (Encarta 1996), terwyl die essensie van die postmoderne argument, filosofies gesproke, behels dat die dualisme wat die westerse denke steeds domineer, ontoereikend is om die wêreld wat gekenmerk word deur verskeie oorsake en gevolge te beskryf.

Kirsten (1988:20) kondig die koms van die postmoderne era aan met die volgende stelling:

> *Die kritiek op 'n fundamentalistiese rasionalisme gaan hand aan hand met die ontmaskering van die antroposentriese, egoïstiese en besitlike aspekte van die Westerse individualisme. Die postmodernistiese afskeid van die moderne berus op die aanspraak om buite hierdie rasionalistiese kader te getree en dit as die horison van 'n oorwonne tradisie agter te gelaat het.*

## 3.2 Agtergrond

Kirsten (1988:29) gee 'n volledige beskrywing van die ontstaan van die term "postmodernisme" en verklaar dat dit in die laat 1950's 'n aanvang neem toe Irving Howe en Harry Levin die woord in die literêre kritiek ingevoer het om die afplatting van die modernistiese beweging te betreur. Howe (Kirsten 1988:29) was waarskynlik die eerste kritikus om te wys op die verskuiwing van die modernisme na dit wat hy tentatief die postmodernisme genoem en as 'n simptoom van kulturele verval gedefinieer het.
Levin (Kirsten 1988:29) gebruik later dieselfde term om na die stroming wat die humanisme en rasionalisme van die kulturele modernisme bedreig het, te verwys. In die sestigerjare is die term hoofsaaklik in literatuurteoretiese kringe gebruik en dit het eers in die sewentigerjare meer algemeen in gebruik geraak. Dit is allereers in die argitektuur gebruik en daarna in die beeldende en uitvoerende kunste en in film (Kirsten 1988:29).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Huyssen (Mc Robbie 1994:21) is die volgende van mening:

> *It was especially in the art, writing, film-making and criticism of woman and minority artists, with their recuperation of buried and mutilated traditions, their emphasis on exploring forms of gender- and race-based subjectivity in aesthetic productions and experiences, and their refusal to be limited to standard canonizations, which added a whole new dimension to the critique of high modernism and to the emergence of alternative forms of culture.*

Volgens Kirsten (1988:29) verskuif die term in die middel sewentigerjare via Parys en Frankfurt na Europa waar dit die filosofiese terrein van debat binnedring. Kristeva (1980) en Lyotard (1979, 1982) het dit veral in Frankryk opgeneem en Habermas (1981, 1985) en Wellmer (1985) later in Duitsland. Teen die tagtigerjare het, soos Kirsten (1988:29) dit stel:

> *Die modernisme/postmodernisme-konstellasie in die kunste en die moderniteit/ postmoderniteit-debatte in die filosofie en sosiale wetenskappe een van die werklik kontensieuse terreine van die intellektuele lewe in die Westerse samelewing geword.*

Onduidelikheid oor die status van die postmodernisme as paradigma bestaan by verskeie skrywers (Söhnge & Arjun 1996:89; Kirsten 1988:19-20; Söhnge 1994:6-7). Spies (1998:126) meen dat dit dikwels onduidelik is of die postmoderne 'n kultuur of 'n teoretiese paradigma is. Kramer (1995:5) verkies om dit 'n etos te noem.

Die term word onder andere deur Giroux (1990:12) verbind met veranderende omstandighede in kennis en tegnologie en hy (Giroux 1990:12) definieer postmodernisme dus as *an intellectual position, a form of cultural criticism, and to an emerging set of social, cultural and economic conditions that have come to characterise the age of global capitalism and industrialism.*

Ander skrywers soos byvoorbeeld Gitlin (1989:52) en Marty (1989:180) beskou die postmodernisme as 'n reaksie teen die modernisme. Marty (1989:180) verwys daarna as 'n *antimodern or counter-modern thrust.* Lyotard (1984:79) beskou weer die potmodernisme as *both a part and a result of modernity and a form of reaction against it.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kirsten (1988:29-30) tref 'n duidelike onderskeid tussen twee denkstrome in die postmodernisme, te wete die postmodernisme van reaksie en die postmodernisme van verset. Aan die een kant is daar kommentatore soos Raulet; Bürger; Lyotard; Tafuri (Kirsten 1988:30) en andere wat die postmodernisme assosieer met een of ander vorm van voortsetting van die modernisme wat op verskillende maniere 'n historiese kontinuïteit tussen postmodernisme en modernisme konstrueer. Hierdie benadering staan bekend as die postmodernisme van reaksie.

Aan die ander kant is Hassen; Huyssen; Jameson en Foster (Kirsten 1988:300) dit eens dat die postmodernisme nie as 'n blote voortsetting van 'n dialekties-verruimde modernisme óf as die jongste fase in die nimmereindigende opstand van die modernisme teen sigself verstaan kan word nie. Hierdie benadering wat bekend staan as die postmodernisme van verset word beskou as 'n algemene kulturele transformasie.

Kirsten (1988:31) huldig die volgende standpunte aangaande die postmodernisme:

> *Die tese wat ek wil voorstel, is dat daar sprake is van 'n diskontinuïteit in die kontinuïteit van die moderne tradisie. Postmodernisme veronderstel 'n breuk met die moderne waarvan dit afhanklik bly.*

Postmodernisme as antitese vir modernisme word kortliks soos volg deur Kanpol (1992:9) beskryf: *postmodernism denies a world held together by universal truth and reason.* Söhnge (1994:6) glo dat die postmodernisme ook deur terme soos: "irrasionalisme", "kompleksiteit (chaos en toeval)", "holisme", "dekonstruksie", "relatiwiteit", "multipolariteit", "dubbelsinnigheid", "die vraag na legitimasie", getipeer kan word. Stone (1994:50) beskryf die term "postmodernisme" as 'n aanduiding van *multiplicity* wat gekenmerk word deur dubbelsinnigheid en tentatiwiteit en op die teenwoordige en partikuliere fokus.

Belangrike aspekte van postmodernisme wat deur verskeie outeurs beklemtoon word, sluit in:

- Die postmodernisme verskaf 'n *language of possibility* (Nichlls 1989:203).

Volgens Söhnge (1994:7) behels die teenstelling tussen orde en chaos die basiese verskil tussen die moderne en postmoderne benadering. Kenmerke soos die volgende onderskei die moderne benadering van die postmoderne benadering:

**Tabel 5.1** 'n Teenstelling tussen die modernisme en postmodernisme (Söhnge 1994:7)

| **Modernisme** | **Postmodernisme** |
|---|---|
| Staties | Dinamies |
| Geslote sisteem | Oop sisteem |
| Homogeniteit | Heterogeniteit |
| Eenvoudig | Kompleks |
| Deterministies | Nie-deterministies |
| Simmetrie | Disimmetrie |
| Verandering as liniêre progressie | Verandering as plotselinge gebeure |

- Die geslote-stelselbenadering van die moderne paradigma word deur Doll (1989:246) teenoor die oop-stelsel van die postmoderne paradigma gestel.
- Kennis word volgens die postmoderne benadering beskou as sosiaal opgebou en histories gesitueerd (Van der Walt 1995:178).
- Die postmoderne benadering moet, volgens Van der Walt (1995:178), *leerlinge lei tot verantwoordelike beslissings en optrede.*

Marshall (1992:193) spreek die volgende standpunt aangaande die postmodernisme uit:

> *Postmodernism also recognizes, however, that we cannot live without trying to make sense. Neither innately positive nor negative, postmodernism is an opening, a space created for a particular awareness, interrogation.*

### 3.3 Enkele verteenwoordigers van postmodernistiese aannames

Ten einde die ontstaan en die karakter van die postmoderne beweging weer te gee, moet enkele verteenwoordigers se standpunte in hierdie verband uitgelig word. Die standpunte van Derrida, wat deur Richards (1997:35) as ekstreem, maar baie oorspronklik beskryf word; Rorty, wat as meer toeganklik en populêr in die postmoderne

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beweging bestempel is en die standpunte van Lyotard, Foucault en Jencks word vervolgens bespreek:

### 3.3.1 Jacques Derrida (1930)

Jacques Derrida is 'n Franse filosoof wat die denkskool van dekonstruksie tot stand gebring het. Sy werk fokus op die Franse strukturalisme soos dit binne die konteks van taal na vore tree. Derrida het aangevoer dat die tradisionele en metafisiese benadering van lees 'n aantal valse aannames maak oor die aard van tekste. Woorde en simbole is begryp as iets wat regte persone, objekte en gebeure voorstel. Lötter (1995:48) stel dit as volg: *As everything - persons, events and institutions - is regarded as texts, it implies that deconstruction is applicable to a wide range of phenomena.*

Derrida se dekonstruksiestyl van lees onderdruk tradisionele lesers se aannames dat taal idees kan uitdruk sonder om dit te verander. Derrida se (protes) aanname is dat 'n teks 'n onveranderbare en eenvormige betekenis het. Hiervolgens kan die outeur se intensies nie onvoorwaardelik aanvaar word nie. Gevolglik neem die aantal geldige interpretasies van 'n teks toe.

Dekonstruksie dui die multidimensionele aard van betekenis in taal aan. Derrida (Mortley 1991:97) beskryf dekonstruksie soos volg:

> *It is a matter of gaining access to the mode in which a system or structure, or ensemble, is constructed or constituted, historically speaking. Not to destroy it, or to demolish it. Nor to purify it, but in order to accede to it's possibilities and it's meaning; to it's construction and it's history.*

Hambidge (1995:11) glo dat die hele postmodernistiese beweging alleen begryp kan word deur middel van dekonstruksie. Die verbintenis tussen die postmodernisme en dekonstruksie is toe te skryf aan die feit dat die postmodernisme bekende hiërargieë bevraagteken.

White (1988:188) maak die stelling dat indien dekonstruksie korrek verstaan word, soos dit deur Derrida beskryf word, dit 'n intrinsieke politieke karakter toon wat enigeen se bewerings van outoriteit, logika en universalitiet afbreek en ontbloot as arbitrêr, dubbelsinnig en partikulier. Kortom gestel ontbloot dit magsverskynsels op grond waarvan mense beweer slegs outonome rede bestaan.

### 3.3.2 Jean Francois Lyotard (1924)

Lyotard was die eerste postmoderne denker wat die term "postmodern" gebruik het en enkelvoudige waarhede verwerp het. Volgens Lötter (1995:50) toon hy 'n besondere sensitiwiteit vir andersheid of verskille. Hy verwerp enige diskoers wat aanleiding gee tot toutologieë. Benhabib (Rossouw 1995:52) glo dat die vormende waarde van Lyotard se werk geleë is in *the critique of the various totalitarian and totalizing movements of our century from national socialism and fascism to orthodox marxism and other nationalisms.*

Lyotard (Simons & Billig 1994:23) het die volgende te sê aangaande die postmodernisme:

> *The real political task today, at least in so far as it is also concerned with the cultural, is to carry forward the resistance that writing offers to established thought, to what has already been done, to what everyone thinks, to what is well known, to what is well recognized, to what is 'readable' to everything which can change its form and make itself acceptable to opinion in general. The name most often given to this is postmodernism.*

### 3.3.3 Michel Foucault (1926-1984)

Michel Foucault was 'n Franse filosoof wie se studie die invloed van die Duitse filosoof Karl Marx en die Oostenrykse psigoanalis Sigmund Freud, uitgedaag het. Foucault het nuwe konsepte aangebied wat mense se aannames oor tronke, die polisie, versorging van mense met geestessiektes, homoseksuele regte en welsyn, betwis het (Lötter 1995:52).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Foucault se denke is hoofsaaklik beïnvloed deur die Duitse filosowe Frederick Nietzsche en Martin Heidegger. Nietzsche het aangevoer dat menslike gedrag gemotiveer word deur 'n wil vir mag en dat tradisionele waardes mag oor die samelewing verloor het. Heidegger het weer kritiek gelewer teen wat hy genoem het *our current technological understanding of being* (Encarta 1996).

Een van Foucault se hoofbydraes tot die postmodernisme is sy analise van die normaliseringstendense in moderne demokrasieë wat voorkom in dié areas van die lewe waar burokraties toegepaste norms binnegedring het.
Foucault se denke het die veranderende patrone van mag binne 'n samelewing verken, asook die maniere waardeur mag in verhouding tot die self staan. Volgens White (1988:189-190) toon Foucault die volgende:

> *Any new discourse is always another new mode of power as social institutions give practical effect to discursive distinctions such as reason/madness and normal /abnormal. Power gets a new definiyion as a slowly spreading net of normalization that invades our language, our institutions, and even (and especially) our consciousness of ourselves as subjects.*

Die uitdaging van die postmodernisme is juis om méér ruimte te skep vir andersheid. Volgens Connoly (1987:15) kan dit ten beste geskied deur die hersiening van moderne demokrasieë en deur die skep van 'n medium waardeur die stemme van andersheid uitdrukking kan kry in die openbare wêreld.

In Foucault se laaste werke het hy gepoog om aan te dui dat die Westerse samelewing 'n nuwe soort mag en 'n nuwe sisteem van beheer ontwikkel en wat nie deur tradisionele konsepte van outoriteit begryp word nie.

Dié sodanige nuwe mag onderdruk nie, maar komplementeer eerder die lewe. Foucault moedig individue aan om weerstand te bied teen die welsynstaat deur hul eie individuele etiek te ontwikkel waardeur hulle hul lewens kan omskep in iets wat deur ander gerespekteer en bewonder kan word (Encarta 1996).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 3.3.4 Richard Rorty (1931)

Rorty is volgens Richards (1997 43-46) een van die bekendste postmoderniste omdat sy werk so toeganklik is. Hy het die absolute rasionalisme en die metafisiese as onaanvaarbaar beskou en geglo dat dit instrumente geword het waardeur die wêreld beheer word met rampspoedige gevolge. Vir Rorty is vryheid veel belangriker as die waarheid (Geertsema 1991:38).

Rorty se standpunte is gebaseer op toevallige gebeure, wat weer die basis vir vryheid verseker. Rorty (1982:166) stel dit soos volg: *To attempt to evade this contingency is to hope to become a properly programmed machine.*

Rorty het die outonome rede verwerp wat volgens hom in die moderne era die plek van God ingeneem het. Die gemeenskap was vir hom baie belangrik en moes as bron vir sekuriteit dien.

Volgens Richards (1997:45) het Rorty geglo dat absolute waarhede nie bekombaar was nie. Nuwe idees was vir hom belangriker as die sogenaamde ware rede. Omdat daar nie meer sprake was van een begeleidende waarheid nie, was 'n variasie van perspektiewe 'n onafwendbare resultaat.

### 3.3.5 Charles Jencks

Die postmodernisme, soos wat dit deur Jencks (in Lötter 1995:53) gedefinieer word, openbaar 'n sterk verwerping van die Eurosentrisme en 'n sterk waardering vir ander kulture. Volgens Lötter (1995:53) beklemtoon Jencks verder dat daar, veral in die kuns, 'n verwerping van die kultuur van eksperte moet plaasvind. Vanweë die inligtingsontploffing en openheid tot pluraliteit wat tans heers, beweer Jencks (in Lötter 1995:53-54) dat die huidige tyd gekenmerk word deur voortdurende keuses. Hy beweer verder dat die postmodernisme mense aanmoedig om keuses op só 'n wyse te maak dat tradisies selektief gekombineer kan word om relevante aspekte vir die taak

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voorhande uit die verlede te kies. Lötter (1995:54) beklemtoon in hierdie verband: *Successful choosing through inventive combination can result in a striking synthesis of traditions.*

Jencks (1987:56) glo dat die postmoderne gesindheid behels dat persoonlike en samelewinglewenstyle toepaslik moet word uit komponente van die premodernisme, modernisme en postmodernisme. Jencks (1987:56) meen *postmodern sensibility thrives on dispositions different from it's own and therefore it can willingly include the modern and premodern conditions as essential parts of it's existence.* Volgens Jencks gee dit aanleiding tot 'n verskeidenheid weergawes van moderniteit en gevolglik ook tot 'n postmoderne verheerliking van pluraliteit en heterogeniteit.

## 3.4 Kernelemente van die postmodernisme

Richards (1997:26-34) identifiseer vyf essensiële of kernelemente van die postmodernisme:

### 3.4.1 Die postmodernisme is anti-metafisies

Die postmodernisme is gekant teen die Westerse filosofiese denke wat die skep van 'n metafisiese wêreld met objektiewe waarhede as belangrik ag. Daar is nie meer sprake van universele waarhede soos in die modernisme nie en skeptisisme het teruggekeer. Andersheid word in die plek van rasionele universalisme geplaas, waar verskille belangriker geag word as ooreenkomste.

Die onderliggende epistemologiese aannames is fenomenologies en sosiologies van aard, eerder as psigologies, analities, transendentaal en epistemologies. Enkelvoudige teorieë en waarhede wat in die verlede tot toutologieë en onderdrukking gelei het, word nou verwerp.

### 3.4.2 Die verlies van die mens as sentrale bron van kennis

In die modernisme was die mens die kernpunt van die kennis en is taal as instrument gebruik (Van Peursen 1994:14). In die postmoderne beweging word taal egter bevry van hierdie dominansie van die subjek en beskou as 'n produk van kultuur. Die postmoderniste verklaar dat 'n ware sin vir verantwoordelikheid op dié manier gekweek word. Alle besluite wat die individu neem is gevolglik uniek en persoonlik van aard.

### 3.4.3 Postmodernisme is anti-verligting en anti-humanisme

Die postmodernisme is anti-verligting vanweë die mate waarin dit teen die filosofie van menslike outonomiteit en teen die wetenskaplike objektivisme (as basis van kultuur) gekant is. Sekere ideale van die Verligtingdenkstroom word egter steeds nagestreef. Dit sluit onder meer in: menslike outonomie, vryheid, die mag tot kritiek en emansipasie. Hierdie gedagtes of woorde word egter met humanistiese neigings gekwalifiseer.

Die anti-humanisme beklemtoon dat die mens nie meer die sentrale objek van oorweging is nie. Politieke en morele verantwoordelikheid geniet erkenning solank die individu toegelaat word om sy/haar eie gewete te volg. Universele wette word egter verwerp.

Pluraliteit, die ontkenning van kontinuïteit in die lewe en die erkenning van toevallige gebeure beïnvloed moraliteit. Geïsoleerde situasies vereis herhaaldelik unieke morele besluite -- persoonlike besluite wat nie op universele norme of tradisies berus nie.

### 3.4.4 Die onderliggende epistemologiese benadering

Die epistemologie binne hierdie nuwe tradisie beskou praktiese, etiese en sosio-politieke dimensies as 'n integrale taak van die onderliggende epistemologiese benadering. Teorieë moet dus nie vervreem en geïsoleerd vry van die praktiese

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toepassing daarvan staan nie. Dit moet verband hou met die samelewing en politiek. Praktiese redenering word deur die postmodernisme erken.

## 3.5 Verskille tussen die modernisme en die postmodernisme

Daar is reeds in hierdie hoofstuk daarop gewys dat die postmodernisme as 'n reaksie teen die modernisme beskou kan word, wat by implikasie bepaalde verskille tussen hierdie twee denkstrominge aandui.

Söhnge en Arjun (1996:58) bied die volgende tabel aan om die verskille tussen die modernisme en postmodernisme aan te toon:

**Tabel 5.2** Verskille tussen die modernisme en die postmodernisme (Söhnge & Arjun 1996:58)

| Kategorieë | Moderne Paradigma | Postmoderne Paradigma |
|---|---|---|
| Verstandelikheid | Tegniese beheer, masjien model, nuttigheids-oogpunt. | Eklektiese komposisie, kwalitatief, sosiaal en humanisties. |
| Kosmologie/wêreldkunde | Stabiel, konstant, absolute orde, ekwilibrium. | Chaoties, buitensporig, veranderlik, kompleks, selforganiserend, multilaaginterpretasie. |
| Metafoor | Konvensioneel, oorsaak-gevolg, wat is, behoefte om sluiting te vind. | Bevryd, kreatiewe organisasie, wat kan wees, behoefte om te eksploreer. |
| Epistemologie | Vergoddeliking van die wetenskap, kontroleerbaar, bepaalbaar deur presies-heid, voorspelbaar, atomisties. | Persoonlike onderworpenheid, onvoorspelbaar, ervaringsfilosofie, hermeneuties. |
| Sisteemdinamiek | Geslote-sisteem, stabiel, meganies, kibernetika, linieêre verband, toenemende verandering. | Oop-sisteem, chaoties, ongelyksoortig, nie-liniêre verband, verdeel in vlakke, wisselvallig. |
| Meta-narratiewe | Maak omvattend gebruik van meta-narratiewe. | Ongelowig teenoor meta-narratiewe. |
| Intellektuele visie | Positivistiese sekerheid. | Pragmatiese twyfel aangaande menslike ervaring. |
| Gemeenskap/samelewing | Industrieel. | Postindustrieel, hoë vlak van tegnologie, informasie |

Savickas (1993:209) beskryf die verskuiwing tussen die modernisme en die postmodernisme soos volg:

**Tabel 5.3** Verskuiwing tussen die modernisme en die postmodernisme (Savickas 1993:209)

| Modernisme | Postmodernisme |
|---|---|
| Positivisme | Postmodernisme |
| Industriële era | Informasie-era |
| Drukkuns | Elektroniese media |
| Newtoniaanse fisika | Kwantumfisika |
| Vereis enkelvoudige waarheid | Waardeer verskeidenheid realiteite |
| Grondbeginsels | Partikularisme |
| Empirisisme | Verklarend |
| Objektiwiteit | Perspektiwiteit |
| Rede | Verhoudings |

Dit blyk uit die voorafgaande vergelyking dat die koersaanduidende epistemologiese strukture in die 20 ste eeu 'n kulturele verskuiwing ondergaan. In aansluiting hierby verklaar Savickas (1993:206): *Our society is turning from internal feelings and external facts to an interactional perspective.* Daar moet 'n klemverskuiwing plaasvind vanaf die beklemtoning van abstrakte beginsels na die beklemtoning van sosiale betrokkenheid.

### 3.6 Probleme/ kritiek

Die postmodernisme word beskuldig van relativisme, ankerloosheid, 'n gebrek of afwesigheid van 'n Archimedespunt, nihilisme, chaos en inderterminisme (Van der Walt 1995:179). Thompson (1999:11) is van mening dat, vanweë die feit dat die postmodernisme gelykstelling in verskillende vorme voorstaan, dit blootgestel word aan die kritiek van die relativisme -- naamlik dat geen standpunt ingeneem word nie en dat alles aanvaarbaar is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ander kritici, soos Johansson (1992:42), tipeer dit as niksseggend; 'n kultuur sonder karakter wat hoofsaaklik toeskryfbaar is aan die relatiwistiese ingesteldheid daarvan. Hy voer verder aan: *Excessive concern to avoid intolerance leads to a normless society.*

Van der Walt (1995:180) voer aan dat 'n ontleding van die postmodernisme aan die lig bring dat van hierdie beskuldigings in 'n mate geldig is, maar dat hulle, soos hy dit stel, *nie volledig geldig kan wees as die ontleding met 'n meer rasioneel-moderne oog gedoen word nie.* In aansluiting hierby stel Stoker (1994:27) die volgende:

> *Uit wanorde (chaos)... (kan) weer nuwe en meer komplekse strukture as wat bekend was, na vore kom. Hierdie nuwe wyse van denke berus op fluktuasie in stelsels, wat ver van ewewig was en wat nie in chaos verval nie, maar waaruit nuwe en ryker vorme van orde na vore kom. Hierdie prosesse werk teen die toename in wanorde. Dit is die wêreld waarin ons leef: 'n wêreld met 'n subtiele vervlegting van orde en chaos, 'n wêreld waarin chaotiese gebeure opbou tot 'n voorspelbare orde, 'n wêreld nie van klokreëlmaat nie...maar van kontingensie as belangrike samestellende element van die oorhoofse orde van die skepping.*

Freud (Bauman 1997:3) het 'n stelling gemaak wat steeds vandag waar is en veral toepaslik is vir die moderne/postmoderne debat: *You gain something, you lose something else in exchange.* Die postmoderne samelewing moes 'n deel van hul sekuriteit verruil vir 'n deel geluk.

# 4 BEROEPSVOORLIGTING BINNE 'N POSTMODERNISTIESE KONTEKS

## 4.1 Inleiding

Muller (1996:10) maak die stelling dat *na kwalifikasie, 'n persoon 'n paar keer van beroep verander en dat baie van die bestaande beroepe in die een-en-twintigste eeu nie meer sal bestaan nie.* Hierdie stelling lê aan die hart van talle veranderinge wat tans op die terrein van beroepsvoorligting ter sprake is. Soos wat die nuwe millenium naderkom, beweeg die samelewing ook na 'n nuwe benadering ten opsigte van die wêreld van werk en loopbaanontwikkeling.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Verskeie faktore soos outomatisering, die informasieontploffing en afskaling van burokrasieë het tot gevolg dat bestaande beroepe daardeur geraak word en dat bestaande beroepsvelde selfs begin verdwyn. Volgens Savickas (1993:208) het daar 'n klemverskuiwing plaasgevind vanaf 'n industriële samelewing na 'n postindustriële samelewing of informasie-era. Hy wys daarop dat meer as 70% van die Amerikaanse bevolking hulle vandag daarop toespits om 'n diens te lewer eerder as om produkte te vervaardig. Savickas (1993:208) stel dit soos volg:

> *With automation replacing repetitive jobs, the workers who remain must take responsibility for the whole job. Computers make diagnosis and solve problems, leaving humans to provide care, helpfulness, and understanding.*

Die loopbaanetiek van die moderne era (om met die korporatiewe leer op te beweeg) word nou vervang met 'n etiek van selfontwikkeling. Spies (1998:131) maak tereg die volgende opmerking in hierdie verband: *In die soeke na die wese van die postmodernisme kom die prominensie van die mens as individu telkens na vore.* Individue stel al meer hul eie behoeftes voorop en is minder gewillig om hulself vir hul loopbane op te offer. Die transformasie wat in die wêreld van werk plaasvind, behels dat daar minder sprake is van burokrasië en kompetisie, terwyl spanwerk en samewerking hoog geag word.

Met die erkenning wat huidig verleen word aan die vele kulture en die opkoms van mulitikulturaliteit word één kultuur nie meer sentraal gestel nie. Kulturele diversiteit word erken en sodoende ook 'n diversiteit in wêreldbeskouings (Savickas 1993:211; Maree 1998/9:3-4). Daar bestaan gevolglik ook nie meer één waarheid waarvolgens almal moet lewe nie.

Objektiewe wetenskaplike metodes waarvolgens beroepsvoorligting in die moderne era voltrek is, het direk aan die eise van die moderne era van wetenskaplikheid, outonome kennis en rede asook universalisme, voldoen. Namate die postmoderne diskoers egter na vore getree het en die klem na die **individu** en **betekenisvorming** verskuif het, is vereis dat 'n meer subjektiewe komponent tot beroepsvoorligting toegevoeg word, waardeur **betekenisvorming** vir die individu 'n realiteit kan word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Cochran (1997:1) sluit hierby aan met die volgende stelling:

> *Although career counseling might involve a variety of immediate adjustments, the most fundamental outcome is a person's design for his or her future career, a projection of a course of life in working to produce ends.*

## 4.2 Werksetiek binne die postmoderne era

McCoby (in Savickas 1993:209), Cochran (1997:viii-ix) en Savickas (1993:209) voer onderskeidelik aan dat die werksetiek van die 21ste eeu verander het na 'n etiek van selfontwikkeling. Indien hierdie argument aanvaar word, (en volgens Savickas 1993:209 is dit 'n oortuigende argument), moet daar ook 'n klemverskuiwing plaasvind binne die beroepsvoorligtingsproses. Savickas stel dit soos volg: *Career counseling will shift from supporting careerism to fostering self-affirmation and improved decision making.* Hy verduidelik voorts dat die rol van die voorligter sal wees om individue te leer om meer krities teenoor outoriteit te staan en om hulself toenemend meer uit te leef. Die taak van die voorligter sou verder ook behels dat individue aangemoedig word om hulle tot hul kultuur en gemeenskap te verbind en hul eie waardes te laat geld.

Savickas (1993:210) dui met behulp van die volgende tabel die veranderinge wat binne die werksetiek van die postmoderne era plaasgevind het, aan:

**Tabel 5.4** 'n Vergelyking van werketiek: Savickas (1993:210)

| 19de eeuse beroepsetiek | 20ste eeuse loopbaanetiek | 21ste eeuse ontwikkelings-etiek |
|---|---|---|
| In eie diens Boere/ambagswerkers | In diens van organisasies | Werk in spanne |
| Romantiese konseptualisme | Logiese positivisme | Postmoderne interpretivisme |
| Betekenis in die persoon | Betekenis in die wêreld | Betekenis in die woord |
| Heg waarde aan gevoelens | Heg waarde aan feite | Heg waarde aan perspektiewe |
| Wees kreatief | Wees rasioneel | Neem aktief deel in die gemeenskap |
| Sukses deur selfeks-pressie en individuele inspanning | Sukses deur met die korporatiewe leer op te beweeg | Sukses deur samewerking en deur 'n bydrae te lewer |

Gedurende die 19de eeu het daar 'n beroepsetiek van werk bestaan waar onafhanklike inspanning, eiewaan, voordeligheid, selfdissipline en nederigheid belangrik geag is. Volgens Savickas (1993:206) het dié beroepsetiek ingepas by die romantiese atmosfeer van die 19de eeu wat deur gevoelens gedomineer is. Bruner (in Savickas 1993:206) merk op dat die romantiese konseptualisme aangevoer het dat betekenis binne die persoon self geleë is. Aangesien die motivering en betekenis in die persoon self geleë was, is die pad na sukses beskou as 'n weg wat deur persoonlike vervulling, selfekspressie én individuele inspanning bereik kon word. Hierdie beroepsetiek het passie, genialiteit en kreatiwiteit in die werksituasie aangemoedig.

Met die totstandkoming van maatskappye het die werksetiek (soos die begrip tans gedefinieer word) van beroepsetiek na loopbaanetiek verander. Niemand het loopbane gehad totdat groot organisasies na vore begin tree het nie. Selfindiensneming is in die 20ste eeu vervang met indiensneming deur organisasies. Die uitdaging vir individue om vir hulself te werk is vervang met die uitdaging om vir ander mense te werk en op te beweeg met die sogenaamde korporatiewe leer.

Terwyl die beroepsetiek van die 19 de eeu vervang is met die loopbaanetiek van die 20 ste eeu, is logiese positivisme met 19 de eeuse konseptualisme vervang. Die 20ste eeuse wetenskap het romantiese passie, kreatiwiteit en selfekspressie met klem op outonome rede, observasie en akkuraatheid laat val. Die samelewing het geleer om enkelvoudige waarhede te vereis en om staat te maak op objektiewe metodes om die wêreld te ontdek. Terwyl wetenskaplikes die wêreld verobjektiveer het, het beroepsvoorligters belangstellings, waardes en vermoëns met vraelyste geobjektiveer en individue aan die hand daarvan met organisasies verbind. Savickas (1993:206) stel dit onomwonde: *Thus career development professionals participated fully in the societal move to increase domination of the subjective by the objective.*

Namate die nuwe millennium en die jaar 2000 nader kom, kom die werkterrein en loopbaanetiek toenemend onder kritiek aangesien die organisasies wat dit gedien het besig is om te verander en te verdwyn. Dié loopbaanetiek bevorder nie beweging vanaf industrie na informasie nie. Dit bevorder eweneens ook nie burokrasie tot spanwerk, elektromeganies tot elektronies omwenteling en kompetisie tot samewerking nie. Innovasies in persoonlike waardes het verdere bevraaging van die werksetiek tot gevolg gehad. Savickas (1993:207) beskryf die atmosfeer in die beroepswêreld in die volgende woorde:

> *We hear cries from the hearts of individuals who feel betrayed by their organizations, anxious about competing, insecure about future, tired of self-marketing, and lonely because they left friends and communities behind as they moved up the career ladder.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dié algemene gevoel van ontevredenheid met die werketiek van die moderne era gee aanleiding tot 'n soeke na 'n 'nuwe' werksetiek vir die 21ste eeu.

## 5 BEROEPSVOORLIGTING IN 'N POSTMODERNE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS

### 5.1 Inleiding

Die praktyk van beroepsvoorligting het tradisioneel 'n 'objektiewe' perspektief voorgestaan. Deur die evaluasie van 'n individu en die verkenning van beroepe het 'n objektiewe beeld van dié individu tot stand gekom. Hierdie objektiewe beeld is weer met kritiese faktore van bepaalde beroepe gegroepeer. Indien dié samevoeging suksesvol was (met ander woorde, as die belangstellings, waardes en vermoëns van 'n individu kongruent was met die eise wat deur 'n bepaalde beroep gestel is) was die verwagting dat só 'n individu 'n meer stabiele, produktiewe en bevredigende beroepslewe sou geniet. Verskeie gesofistikeerde hulpmiddels soos toetse, werkboeke, rekenaarprogramme en vele meer word in hierdie objektiewe benadering aangewend wat direk, prakties en voordelig vir hierdie proses is. Die leemte in hierdie tradisionele benadering is egter dat die subjektiewe wêreld wat deur die individu geleef word, buite rekening gelaat word. Gergen en Kaye (McLean 1997:15) spreek hulself hieroor uit:

> *Psychological intervention from the modern therapist is based upon a need to increase understanding of a problem's cause or pathology through diagnosis and the inevitable localization of the problem within the individual or relationship. This approach sees the therapist as the expert in the therapeutic relationship who enters therapy with a well-developed narrative, included in it, the image of the 'fully functioning' individual which is used as a guiding metaphor for the therapeutic outcome. The therapist's narrative is never questioned for it is well supported by the scientific community and the therapeutic process ensures that the therapist's assumptions are vindicated. This results in the client encountering a closed system of understanding and the inevitable replacement of the client's story with the therapist's.*

Die fokus in die postmoderne voorligtingsituasie verskuif op grond van hierdie waargenome tekortkominge vanaf diagnostiese instrumente, na sosiale en historiese faktore wat met die kliënt se 'probleem' verband hou. Die fokus is veral gerig op die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kliënt se siening van die waarheid en op die weergawe van die gebeure soos dit deur die kliënt beskou word, eerder as op die akkuraatheid of objektiwiteit daarvan (Mc Lean 1997:15).

Savickas (in Cochran 1997:v-vii) en Cochran (1997:viii) glo egter dat hierdie erfenis van die moderne era, te wete objektiewe metodes, sinvol benut kan word binne die postmoderne konteks van voorligting. Savickas (1993:210) is die volgende van mening: *To foster self-developers, we need to augment these objective constructs, not replace them.* Cochran (1997:ix) beskou weer die proses van beroepsvoorligting soos volg: *It describe a subjective approach to career counseling that emphasizes meaning and meaningmaking while retaining the merits of the traditional, objective approach.*

Voorligting in 'n postmoderne era sal gevolglik meer staatmaak op outobiografieë en betekenisvorming as op belangstellingsvraelyste en voorligtingstegnieke. Deur 'n loopbaan of beroep analoog aan 'n verhaal of narratief te beskou, bekom die voorligter ruimte om innoverende metodes vir voorligting te ontwikkel. Savickas (1993:213) sê in hierdie verband:

> *Using the 'career as story' analogy, career counseling may be conceptualized as a client's vocational experience. Counselors can help clients to interpret life and career by viewing the person as a text.*

Beroepsvoorligters help dus hul kliënte om hul lewens en loopbane te interpreteer deur die persoon as 'n teks te beskou. Hiervolgens interpreteer die voorligter die kliënt se belangstellings, moontlikhede en werkswaardes as uitdrukking van 'n loopbaanpatroon of sentrale lewenstema.

Die benadering om objektiewe maatstawwe te gebruik, waar die klem veral op die subjektiewe komponent van voorligting geplaas word, dien as uitgangspunt vir die konseptualisering van 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting in hierdie navorsing.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 5.2 Riglyne of innovasies op die terrein van beroepsvoorligting

Volgens Savickas (1993:210-213) het die postmoderne era reeds die volgende ses innovasies op die terrein van beroepsvoorligting tot stand gebring:

### 5.2.1 Voorligters is nie eksperte nie

Voorligters word beskou as 'kulturele werkers' wat opnuut aandag skenk aan die verhoudingsdimensie in voorligting. Voorligters is nie meer tevrede om verteenwoordigers van 'n kultuur te wees nie, maar word nou kulturele werkers wat hulself ten doel stel om struikelblokke op te hef wat mense verhinder om vir hulself te praat.

Binne die postmoderne konteks distansieer voorligters hulself van die opvatting dat die kliënt as die probleem en die voorligter die oplossing vir die probleem voorgehou word. Daar word nou binne die voorligtingsituasie ruimte geskep waar kliënte geleentheid gebied word om te praat, vir hulself te besluit, hul eie behoeftes raak te sien en te interpreteer.

Selfontwikkeling van kliënte word beklemtoon terwyl die voorligter kliënte met hul besluitneming fasiliteer. Die kliënt word bemagtig om tot selfverwesenliking te kom en sy/haar eie waardes te ontwikkel.

### 5.2.2 Voorligters bemagtig kliënte eerder as om hulle met bepaalde beroepe te pas

Tradisionele beroepsvoorligtingspraktyke wat die opvatting huldig dat persone met hul omgewings gepas kan word, word nie meer as kardinale konstruk vir voorligting beskou nie. Die diversiteit van mense word nou waardevol geag. Individue wat van die hoofkultuur verskil, word nie as wanaangepas beskou nie en daar word ook nie gepoog om hulle te normaliseer. Instede daarvan om individue met hul omgewings te pas word

daar eerder gepoog om hulle te bemagtig. Deur die proses van bemagtiging word 'n atmosfeer in die voorligtingsproses geskep waarbinne vryheid vir individue bestaan om hul eie lewensplan op te stel.

### 5.2.3 Herskryf van 'n enkelvoudige waarheid

Daar bestaan nie slegs één raamwerk of enkelvoudige waarheid wat deur alle mense in 'n gemeenskap gedeel word nie. Verskillende kulture impliseer ook verskille in die ontwikkeling van die lede daarvan. Voorligters besef toenemend dat teorieë oor menslike ontwikkeling alleen toepaslik en aanvaarbaar is vir die konteks waarbinne dit tot stand gekom het. Savickas (1993:211) sê in hierdie verband: *We cannot apply one grand narrative to everyone and continue to inculcate the Puritan work ethic which makes career salient and work-role central.*

Beroepsvoorligters wat hul kliënte vanuit 'n postmoderne benadering help, fokus meer op die lewenstruktuur van hul kliënte, dit wil sê op die manier waarop kliënte hul basiese rolle van werk, ontspanning, vriendskap en familie in een lewe integreer. Savickas (1993:211-212) sê die volgende hieroor:

> *Contemporary life-role counseling affirms the multiple perspectives of diverse groups and thus addresses the relation of the work-role to other roles and the effects a career or work-role choice will have on interpersonal relationships, children, and the community.*

### 5.2.4 Beroepsontwikkeling is 'n persoonlike aangeleentheid

Die keuse van 'n beroep is 'n intens persoonlike aangeleentheid en konvensionele metodes vir beroepsvoorligting bied nie altyd ruimte om hierdie keuse op persoonlike vlak te laat voltrek nie. Konvensionele metodes beklemtoon veral objektiewe en wetenskaplike benaderings tot beroepsvoorligting wat 'n onpersoonlike element tot gevolg het, wat nie die subjektiewe, persoonlike komponent van die proses van beroepsvoorligting erken nie. Namate die fokus in beroepsvoorligting egter van

objektiewe passing na betekenisvorming verskuif, kry die verhoudingskomponent en subjektiewe perspektief daarvan groter waarde. Hierdie toenemende klem op persoonlike betekenisvorming en die terapeutiese verhouding behoort tot gevolg te hê dat postmoderne beroepsvoorligting meer kongruent aan persoonlike voorligting en psigoterapie sal raak.

### 5.2.5 Loopbaanontwikkelingsteorieë is nie voorligtingsteorieë nie

Voorligters het tot die slotsom gekom dat daar nie teorieë oor beroepsvoorligting bestaan nie, maar slegs teorieë oor die manier waarop mense beroepe kies en hul loopbane ontwikkel. In plaas van beroepsvoorligtingsteorieë maak baie voorligters gebruik van óf objektiewe voorligtingstegnieke óf subjektiewe kliëntgesentreerde voorligtingsprosedures. Savickas (1993:212) stel die volgende in hierdie verband:

> *As post-modernism replaces subjectivity and objectivity with perspectivity, counselors are beginnig to devise career counseling theories that spring from hermeneutical activity. These embryonic theories of career are counseling concentrating on the invocation of meaning to understand decision making and to structure careers.*

Beroepsvoorligting in 'n postmodernistiese konteks fokus op die fasilitering van die **voorligtingsproses** ten einde kliënte te help om **betekenis** te gee aan hul eie situasies, en om sodoende **self** besluite te neem oor die konstruksie van hul beroepe.

### 5.2.6 Lewensverhale is belangriker as toetsresultate

Konstrukte soos selfkonsep, aanleg, belangstelling en werkswaardes is tradisioneel gebruik om individue met 'n beroepsomgewing te pas. In die postmoderne konteks het voorligters tot die besef gekom dat individuele veranderlikes nie soseer vir die subjek bestaan nie, maar wel binne die voorligter se oënskynlik objektiewe perspektief.

Met die oog op betekenisvorming stel Savickas (1993:213) en Cochran (1997:viii) voor dat beroepsvoorligting vanuit 'n narratiewe perspektief benader moet word, omrede

daar 'n versoenbaarheid bestaan tussen die vertel van 'n verhaal en die perspektieftekening daarvan.

## 5.3 Doelwitte vir lewensoriëntering soos vervat in Kurrikulum 2005

Lewensoriëntering as leerarea in Kurrikukum 2005 (1997) vorm 'n integrale en fundamentele aspek van die bemagtiging van individue ten einde hul lewens sinvol te kan laat verloop binne 'n snelveranderende wêreld. Hierdie leerarea behoort uiteraard in aanmerking geneem te word wanneer 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting geskep word.

Met die implementering van die leerarea "lewensoriëntering", soos vervat in Kurrikulum 2005 (1997), word die volgende doelwitte gestel:

- Die toepassing van positiewe waardes, gesindhede, gedrag en vaardighede in beide die individu en die gemeenskap te verhoog.
- Transformasie in die samelewing te bewerkstellig ten einde 'n kultuur van menseregte te bevorder, wat gekenmerk word deur:

✓ 'n strewe na 'n ten volle inklusiewe, gelykmakende samelewing, wat vry is van enige vorm van diskriminasie;

✓ 'n verenigde, samewerkende samelewing waar diversiteit as waardevol geag word;

✓ individue se hoogskatting van hul eie menings, waardes en gewoontes en terselfdertyd 'n respek vir die regte van ander om dieselfde te kan doen.

Individuele leerders se potensiaal behoort bevorder word deur die versterking en integrasie van hul:

- selfkonsep;
- kapasiteit om gesonde verhoudings te ontwikkel;
- vermoë om ingeligte en verantwoordelike besluit te neem;
- oorlewings en hanterings vaardighede;
- verbindtenis tot lewenslange leer en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- welbehae in die uitdrukking en koördinering van hul intellektuele, liggaamlike, geestelike, emosionele en morele kragte.

Die rasionaal onderliggend aan Kurrikulum 2005 (1997) reflekteer verskeie elemente van die postmoderne benadering deurdat geglo word dat die individu bemagtig moet word. Betrokkenheid in die gemeenskap deur individue wat hul eie waardes, menings en gewoontes hoog ag, word aangemoedig. Die belang van 'n gemeenskap waar vryheid en gelykheid aan die orde is, word ook nagestreef.

Dit is die spesifieke uitkomste wat voorgeskryf word vir lewensoriëntering (soos vervat in Kurrikulum 2005:1997) wat as basis dien vir die ontwerp van 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting in hierdie navorsing:

- Leerders moet hulself sien en begryp as unieke en waardevolle wesens.
- Hulle moet gesindhede en waardes aan die dag lê waarvolgens hulle verhoudings in die gesin, die groep en die gemeenskap kan bevorder.
- Hulle moet eerbied betoon vir die reg van mense om persoonlike opvattings en waardes te huldig.
- Hulle moet lewens- en besluitnemingsvaardighede aanleer.
- Hulle moet loopbaan- en ander beroepsmoontlikhede kan evalueer en oogmerke formuleer wat hulle in staat sal stel om hulle potensiaal en talente te gebruik.
- Hulle moet toon dat hulle oor die waardes en gesindhede beskik wat nodig is vir 'n gesonde en ewewigtige lewenstyl.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# 6 DIE KONSEPTUALISERING VAN 'N POTENSIëLE POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING

## 6.1 'n Moontlike voorligtingsbenadering onderliggend aan 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting

'n Voorligtingsbenadering binne 'n postmoderne konteks kan aan die hand van die postmoderne perspektief (soos reeds vroeër in die hoofstuk beskryf[30]) soos volg beskryf word:

- Dié benadering sal **eklekties** van aard wees. Hiermee word egter nie bedoel 'n diskriminasielose eklektisisme nie. Die oproep van Huyssen (1984:52) tot weerstand teen 'maklike' postmodernisme (die 'alles is geoorloof'-variëteit) moet ter harte geneem word. 'n **Eklektiese** benadering tot beroepsvoorligting in 'n postmoderne era veronderstel, soos Savickas (1993:213) en Cochran (1997:viii) glo, dat die meriete van die tradisionele, objektiewe benadering tot beroepsvoorligting behou moet word, maar met die klem op **betekenisvorming**.
- Hierdie benadering sal **antropologies** gerig wees. Spies (1998:134) stel dit dat die postmodernisme klem op die *condition humaine* plaas. As individu is die mens 'n unieke wese, verskillend van die medemens, maar gelyk in waarde.
- Dit sal meer **buigsaam** wees met die klem op **kwalitatiewe tegnieke** soos outobiografieë, beskrywings, die vertel van lewensverhale, narratiewe en etnografie.
- **Waardes** word gesien as uitings van **menslike betekenisvorming**.
- Die fokus verskuif na **betekenisse** wat gegenereer word deur mense namate hul objektiewe verklarings en beskrywing deur middel van **taal** plaasvind.
- **Kliënte** werk mee in die voorligtingsproses en gee **self interpretasie** aan hul eie behoeftes en die wyse waarop hul lewensplan daar uitsien.
- Die **voorligter** vertolk die rol van fasiliteerder en word nie meer as 'ekspert' beskou nie. **Kliënte** is nou self die **'eksperte'** wat besluit hoe hul lewensplan daar gaan uitsien.

---

[30] Vergelyk hoofstuk vyf afdeling 5

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Die voorligtingsproses moet op beide **mikro- en makrostrukturele vlak** voltrek word.

## 6.2 'n Werkbare definisie vir beroepsvoorligting binne 'n postmoderne konteks

Beroepsvoorligting binne 'n postmoderne konteks dui op voorligting wat probleemoplossinggerig is, waardeur individue bemagtig word om self uitdrukking te gee aan hul eie lewensverhale; wat weer die basis vorm van hul toekomsplanne.

## 6.3 Voorligtingdoelwitte wat verreken moet word in die ontwerp van 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting

George en Cristiani (1986:6-8) identifiseer die volgende vyf hoofdoelwitte wat gereeld deur voorligters as noodsaaklike doelwitte geag word en wat in enige voorligtingproses teenwoordig behoort te wees:

- **Gedragsverandering moet gefasiliteer word**

Feitlik alle teoretici dui aan dat die doel van voorligting daarop gerig behoort te wees om 'n verandering in gedrag teweeg te bring wat die kliënt in staat sal stel om 'n meer produktiewe, bevredigende lewe te lei soos wat die kliënt dit binne 'n bepaalde konteks identifiseer. Krumboltz (1966)[31] stel drie kriteria aan die hand waarvan voorligtingsdoelwitte beoordeel kan word, naamlik:

✓ Die doelwitte van voorligting behoort vir elke individu **anders** gestel te word.

✓ Die doelwitte[32] van elke kliënt behoort **versoenbaar** te wees met die **waardes** van die voorligter.

✓ Die mate waarin die doelwitte van voorligting bereik word deur elke kliënt, behoort **waarneembaar** te wees.

- **Versterk selfhandhawingvaardighede**

'n Belangrike doel van voorligting is om individue te help om gegewe hul omstandighede nuwe eise wat aan hulle gestel word die hoof te bied.

---

[31] Vergelyk hoofstuk twee afdeling 4.2 vir Krumboltz se standpunte.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- **Bevorder besluitneming**

Een doelwit van voorligting is om 'n persoon in staat te stel om belangrike besluite te neem. Die kliënt moet self besluite kan neem en weet waarom daardie besluit geneem is. Kliënte moet leer om hul eie waardes te verken; waardes wat verband hou met 'n bepaalde besluit, en hierdie waardes moet in berekening geneem word by die besluitnemingsproses. Kliënte kry 'n beter begrip van hul eie vermoëns, belangstellings, geleenthede, emosies en gesindhede wat hul keuses en besluite beïnvloed.

- **Verbetering van verhoudings**

Die strewe van die voorligter is om kliënte te help om die kwaliteit van hul lewens te verbeter deur meer effektief met interpersoonlike verhoudings te funksioneer.

- **Fasiliteer die kliënt se potensiaal**

Voorligting het ten doel om die groei en ontwikkeling van die kliënt te bevorder deur kliënte die geleentheid te bied om maniere te vind om hul moontlikhede en belangstellings optimaal te benut.

Pedersen (1987:a) het ook verskeie toepaslike doelwitte geïdentifiseer vir voorligting **aan ander kulture**, naamlik:

- Voorligters moet bewus wees van hóé kulturele verskille die voorligtingsproses gaan beïnvloed.
- Idetifiseer die voor- en nadele om met kliënte uit ander kultuurgroepe te werk.
- Antisipeer die aanpassingsproses waardeur 'n kliënt moet gaan om van een kultuur na 'n ander te beweeg.
- Begryp hoe waardeoordele wat op grond van sosio-ekonomiese status en geslagsrol beskryf kan word, as kultuur uitgedruk word.
- Bepaal hoe kulturele waardes toetsinterpretasie kan beïnvloed.

---

[32] Hierdie doelwit word nie noodwendig deur die skrywer nagestreef nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 6.4 'n Moontlike postmodernistiese model vir beroepsvoorligting op mikro- sowel as makrostrukturelevlak

### 6.4.1 'n Narratiewe basis vir 'n model van beroepsvoorligting binne 'n postmoderne konteks: Narratief en betekenis

Die ontwerp van 'n persoon se loopbaan of lewensverloop is 'n blote verwagting of voorstelling van verskeie scenario's, omdat die toekoms nog nie plaasgevind het nie. Cochran (1997:1) sê in hierdie verband:

> *One might refer to such a representation of the future as a vision, an image, a composition, a portrait, an orientation, a projection, or a dramatic scenario, among other things.*

Beroepsvoorligting verskil van ander vorms van voorligting, aangesien dit gemoeid is met narratiewe/lewensverhale[33] wat die toekoms beklemtoon en wat 'n groot mate van toekomsvisie verg. Hoshmand (1993:179) sluit hierby aan ten opsigte van lewensverhale met die volgende:

> *In sociolinguistic terms, narratives are organized units of discourse that have as their central internal function the telling of a story. Narrating is a way of recapitulating past experience or of constructing present experience and the future, which often involves a temporal sequence.*

Om 'n lewensverhaal te skep, is 'n primêre metode van betekenisvorming. Volgens Cochran (1997:4) vind betekenisvorming juis op ten minste drie van die volgende wyses plaas:

> *First, something is meaningful if it has a purpose. Second, something is meaningful if it has rich, rather than impoverished implications. Third, something is meaningful if it has a sensible point.*

'n lewensverhaal bied 'n potensieel magtige bron vir die skep van betekenisvorming. Cochran (1997:4-8) identifiseer die volgende redes hiervoor:

---

[33] Vir bondigheid word die term "lewensverhaal" of "verhaal" as sinoniem vir "narratief" gebruik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die skep van 'n lewensverhaal bied 'n toekomsorganisasie wat 'n begin, middel en einde tot 'n geheel integreer. 'n Einde is 'n projeksie in die toekoms (doel, plan, beplande of voorgenome uitkoms), 'n middel is die metode waardeur van die huidige na die einde beweeg word. Die wêreldlike organisasie van 'n lewensverhaal bied die moontlikheid om persoonlike kontinuïteit oor verloop van tyd te skep, wat 'n gevoel van identiteit vestig. Kontinuïteit skep 'n basis waarvolgens oriëntering in stand gehou word, en is die meganisme waardeur betekenis gegee word. Kontinuïteit word aangevul deur kousaliteit wat weer die intrige van 'n lewensverhaal vorm, en die kronologiese opeenvolging van gebeure tot 'n patroon van 'verklaring' verhef. Danto (in Cochran 1997:5) meen: *To tell a story is to explain how an end came about from a particular beginning.*

'n Lewensverhaal is 'n sintetiese struktuur wat vorm gee aan 'n onbepaalde uitbreiding van elemente en sfere van elemente tot 'n geheel. Die intrige binne 'n lewensverhaal behels dat daar onbepaalde netwerke van aksies en gebeure is wat deur die individu self en ander persone uitgevoer word binne praktiese kontekste soos familie, gemeenskapbronne en -struikelblokke, regeringsbeleid, nasionale ekonomie, wêreldhandel, kosmiese mites en nog vele ander. Solank as wat iets relevant is om die intrige te laat beweeg, of om betekenis daaraan toe te voeg, is dit 'n belangrike deel van die lewensverhaal. Mink (in Cochran 1997:6), verklaar dat

> *The configurative function of narrative supports comprehension (a grasping together). In a single moment of understanding, a person grasps together a fragmented collection of elements into a synthetic or synoptic judgment. And this grasping together is supported by a narrative that has already ordered elements in an intelligible manner.*

Die intrige van 'n lewensverhaal dra 'n boodskap. Dit is 'n integrasie van implisiete oortuigings oor die tipe persoon wat iemand is, hóé ander mense is, hóé die wêreld is en hóé dinge werk of iets bereik word. Dit dra 'n boodskap oor vanweë die struktuur daarvan, omdat dit konflik daarstel. 'n Probleem of onewewigtigheid word daargestel, waardeur die res van die verhaal dryfkrag kry. Die middel behels struikelblokke, geleenthede en terugslae -- kortom, pogings tot oplossings. Die einde bring die sluiting van 'n probleem of oplos van konflik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 6.4.2 Kulturele narratiewe/lewensverhaal

**Kultuur**[34] behels 'n **wêreldbeskouing** (beeld of idee van hóé dinge werklik is) en 'n **etos** ('n evaluerende visie van hoe 'n persoon behoort te lewe).

Verhale verskaf, volgens Cochran (1997:136), refleksies van 'n kulturele geheel. Situasies word voorgeskryf deur 'n wêreldbeskouing, terwyl aksiestappe goedgekeur word deur lede van 'n bepaalde lewenstyl.

Sowell (1994:10) het, na aanleiding van 'n kultuurstudie bevind dat daar volgehoue kulturele verskille in werkvoorkeur en -prestasie is. Die waardes van 'n kultuur word geopenbaar deur die keuses wat die lede daarvan maak, en die opofferings wat hulle sal verduur om 'n gewenste doelwit na te streef. Deur begeleiding, interpretasie en aksie, gee kulturele lewensverhale rigting aan verskillende gesindhede, vaardighede en waardes vir verskillende aspekte van werk.

Kulturele groepe verskil in vele opsigte -- byvoorbeeld in geletterdheid, stiptelikheid, gewilligheid om lang ure te werk en opvoedkundige ingesteldheid (wat alles van belang is vir 'n beroepskeuse). Cochran (1997:137) stel in hierdie verband: *A story, then, provides cultural guidance through situations that make up life in a culture or, in the present case, through situations that make up a career.*

### 6.4.3 Die narratiewe benadering binne groepsverband

Volgens Neimeyer (1993:181) kan persoonlike narratiewe wat binne groepsverband voltrek word, geleentheid bied om individue vanuit gemeenskaplike konteks te beskou. Die gesprekvoering wat binne 'n groep tot stand kom, word van binne die konteks van die groep gegenereer. Hierdie dinamiek tussen persoonlike betekenisvorming en die proses wat deur die groep gefasiliteer word, kan lei tot analise van die individu binne die groepproses asook van die groep as kollektiewe betekenisvormingsentiteit. Neimeyer

---

[34] Vergelyk hoofstuk drie vir 'n omskrywing van kulturele aspekte.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(1993:181) beskou die gebruik van fokusgroepe as 'n onafhanklike navorsingsmetode wat beide kwalitatiewe en kwantitatiewe evalueringsmiddele kan aanvul. Die fasiliteerder van die groep neem die rol van deelnemende waarnemer aan terwyl die deelnemers se perspektief nagestreef word.

## 6.5 Fases in die verloop van 'n potensiële postmodernistiese model van beroepsvoorligting op makrostrukturelevlak

Vir die ontwerp van 'n potensiële postmodernistiese model van beroepsvoorligting het die navorser dit goed geag om die model aan die hand van fases te beplan. Hierdie fases is in ooreenstemming met Cochran (1997:40) se siening van 'n teorie van beroepsvoorligting, te wete: A *theory of career counseling encompasses the formulation of beginning and end as well as of means.*

Cochran (1997:41) waarsku daarteen dat beroepsvoorligting nie stapsgewys, soos byvoorbeeld die stappe van die trek-faktorbenadering,[35] uitgevoer moet word nie. Ofskoon daar baie potensiële voordele aan só 'n benadering gekoppel kan word, is daar ook nadele, soos dat daar 'n vooropgestelde oplossing vir 'n probleem aangebied word en dat daar 'n aantal vasgestelde stappe is wat gevolg moet word voordat die proses voltooi is. Die realiteit, soos wat dit deur die individu geleef word, word meestal nie deur die stappe gereflekteer nie.

Ten einde die gedagte dat beroepsvoorligting 'n buigsame proses is te akkommodeer, is daar besluit om die model aan die hand van 'n aantal fases te konseptualiseer. Die konsep "fases" dui enersyds daarop dat daar 'n proses is wat plaasvind, maar andersyds ook dat daar ruimte is vir individuele verskille in die verloop van die voorligtingsproses. Daar is dus sprake van buigsaamheid in die proses wat gevolg word om voorligting te verskaf.

---

[3535] Vergelyk hoofstuk twee afdeling 2 vir 'n beskrywing van die trek-faktor-benadering.

Die voorgestelde fases vir 'n model van beroepsvoorligting binne 'n postmoderne konteks word vervolgens bespreek.

### 6.5.1 Fase een - Beginfase: Formulering van die probleem

Daar kan ook na hierdie fase verwys word as die huidige scenario waarbinne kliënte hulself bevind. Volgens Egan (1998:24) sal enige hulpverleningsmodel wat die moeite werd geag word, die kliënt noodsaak om fundamentele vrae te beantwoord waardeur die hulpverleningsproses uiteraard gesteun sal word. In hierdie fase van die voorligtingsmodel behoort die kliënt bewus te word van die beroepsprobleem. Met ander woorde, met watter strydvrae, bekommernisse en watter swak ontwikkelde geleenthede word die kliënt gekonfronteer?

Cochran (1997:207) glo dat die formulering van 'n probleem die sogenaamde verhaallyn vir die verloop van die beroepsvoorligtingsproses daarstel:

> *A career problem occurs when a current course of action signals a qualitative difference between possible career futures. A person seeks career counseling when current courses of action indicate that a course of life has gone, is going, or is threatened with going off course, indicating a gap between what is and what ought to be.*

Deur gesprekvoering word kliënte die geleentheid gebied om hul verhale te vertel, terwyl die voorligter deur middel van kommunikasievaardighede soos aandaggee, luister, begryping, empatie, peiling en samevatting (Egan 1998:60), kliënte help om hul verhale te verhelder en patrone en gemeenskaplikhede te identifiseer. Ander tegnieke[36] wat deur die voorligter aangewend kan word om die kliënt te help om die probleem duideliker te begryp, sluit in: die sortering van beroepskaarte, 'n leer waarop konstrukte opgebou kan word, teken, toetsing, die skep van 'n kort verhaal of anekdote en in die ontwerp van 'n *collage*. Cochran (1997:43) sê die volgende aangaande voorligtingstegnieke:

> *Within career counseling, a technique is generally a way to empower a client to express meaning by providing a structured activity. To co-operate in the*

[36] 'n Beskrywing van hierdie tegnieke word in hoofstuk vyf afdeling 6.1 gevind.

> *activity clients require an orientation to the activity and a rationale for why it should be done. To maintain cooperation, they require a counselor who is active and interested.*

Ten opsigte van 'n gegewe beroepskeuseprobleem is dit die taak van die voorligter om 'n algemene plan van aksie voor te stel wat die probleem sal hanteer. Instemming deur die kliënt konsolideer wat Bordin (in Cochran 1997:42) beskryf as 'n 'terapeutiese' of 'saamwerk-alliansie'. Volgens Cochran (1997:51) word 'n 'saamwerk-alliansie' gekenmerk deur ooreenstemming oor die doel en metode, asook 'n vertroulike band tussen die kliënt en die voorligter. Indien hulpverlening in die beroepsvoorligtingsproses as samewerking tussen kliënt en voorligter behoort te slaag, moet beide partye begryp wat hul verantwoordelikhede in hierdie situasie gaan wees. Cochran (1997:42-43) stel in hierdie verband:

> *Agreement on purpose is a fundamental basis for cooperation. Otherwise, two persons might work at odds with one another or operate from hidden agendas. Agreement on means inspires hope and confidence, a sense of optimism that is crucial for an undertaking.*

Ten einde 'n verhouding van samewerking tussen die voorligter en die kliënt daar te stel, glo Egan (1998:50) dat 'n saamwerkooreenkoms of kontrak aangegaan moet word waarin die volgende aspekte eksplisiet aangespreek word:

- Die aard en doelwitte van die proses.
- 'n Oorsig van die hulpverleningsmodel.
- Tegnieke wat aangewend gaan word.
- Beklemtoning van buigsaamheid in die proses.
- Hoe hierdie proses die kliënt gaan help om sy/haar doelwitte te bereik.
- Relevante informasie oor die voorligter self, sy/haar agtergrond.
- Hoe die verhouding gestruktureer gaan word.
- Die tipe verantwoordelikhede van die kliënt en voorligter.
- Die waardes wat die hulpverleningsproses aandryf.
- Proseduurmatige aspekte (byvoorbeeld die lengte van die sessies en waar dit gaan plaasvind).

Die eerste fase van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting kan skematies soos volg gevisualiseer word:

**Figuur 5.1** Fase een van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting (gebaseer op die drie-fase model van Egan 1998 en die narratiewe benadering van Cochran 1997)



### 6.5.2 Fase 2 - Middelfase

Die doel van hierdie fase is om die kilënt te help om rigting te gee aan 'n toekomsplan deur moontlikhede vir 'n beter toekoms te eksploreer.

Die konstruksie van 'n lewensverhaal vir die toekoms is 'n poging om 'n persoon se mees fundamentele motiewe, uitstaande sterk punte, belangstellings en waardes saam te weef tot 'n sinvolle toekomsplan. Die sentrale behoeftes wat reeds in die verlede ontstaan het, asook sterk punte wat in die verlede na vore getree het, moet tot doelgerigte gebruik in die toekoms aangewend word. Die kliënt se belangstellings en waardes wat reeds deur vorige ervarings gevorm is, moet as't ware verfyn word en na die toekoms uitgebrei word. Cochran (1997:84) stel in hierdie verband: *The future brings to completion what was formed in the past, moving away from a personal coposition of hell and toward a personal composition of heaven.*

Daar is groot waarde daarin geleë om die gewenste uitkoms vir die toekoms te visualiseer, omdat dit vir kliënte die geleentheid bied om uiting te gee aan hul eie identiteit en om 'n verhaal te skep van hul eie lewens waarmee hulle self kan identifiseer. Volgens Cochran (1997:79) is die rol van die voorligter in hierdie fase om die kliënt te help om 'n basis verhaal te skep wat meer betekenisvol, produktief en vervullend vir die kliënt gaan wees en wat die kliënt se toekomsverhaal gaan vorm. **Hierdie basis vir 'n lewensverhaal kan nie op die kliënt afgedwing word of op onrealisties wyse gevind word nie.** Die basis daarvoor bestaan reeds mits die regte klem toepaslik gelê kan word op die kliënt se sterk punte, motiewe, belangstellings, waardes en mikpunte.

Kliënt moet gehelp word om 'n relevante toekomsverhaal te skep deurdat die voorligter deurgaans die proses fasiliteer. Die voorligter tree tussenbeide om verdraaiïngs reg te stel, samehange te verbeter, identiteit te versterk en om die kliënt voor te berei om uiteindelik aksie te neem. Krumboltz[37] wys in hierdie verband ook daarop dat dit

[37] Vergelyk Krumboltz se standpunte in hoofstuk twee afdeling 4.2.

belangrik is om op te let na kliënte se kognitiewe strategieë, soos hul foutiewe aannames, inkonsekwenthede, irrasionele gedagtes, struikelblokke en gelowe oor hulself.

'n Belangrike aspek van beroepsvoorligting, naamlik die verkenning van eie waardes wat deur verskeie teoretici soos Holland, Krumboltz, Erikson, en Super[38] ondersteun word, sou 'n belangrike aspek vorm in die saamstel van kliënte se gedagtes en gelowe oor hulself, hul belangstellings, vermoëns en persoonlikhede.

Tegnieke speel weer eens 'n potensieel balangrike rol aan die hand waarvan die voorligter die kliënt kan help om eers 'n basisverhaal te skep en daarna 'n toekoms verhaal (wat op die basisverhaal berus) te kies. Cochran (1997:85-90) stel die volgende tegnieke[39] voor wat die kliënt kan help om 'n voorkeurscenario daar te stel: die opstel van 'n lewenslyn, die weergee van suksesvolle ervaringe, die kies van 'n rolmodel en die implementering van voorligtingsmateriaal soos die persoonlikheidstipes en omgewingsmodelle van Holland.

[38] Vergelyk hoofstuk twee: Enkele epistemologiese vertrekpunte tot beroepsvoorligting
[39] 'n Omskrywing van hierdie tegnieke word in hoofstuk vyf afdeling 6.1 gevind.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 5.2** Fase twee van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting (gebaseer op die drie-fase model van Egan 1998 en die narratiewe benadering van Cochran 1997)



### 6.5.3 Fase drie - eindfase

Die vorige fase het gefokus op die gewenste uitkoms wat deur die kliënt geskep word. Hierdie fase handel oor die aktiwiteit/werk wat nodig is om daardie uitkomste te laat realiseer. Daar sal metodes gevind moet word aan die hand waarvan die klënt se huidige scenario oorbrug kan word sodat die gewenste scenario kan realiseer.

Ten einde 'n loopbaan te kies, moet 'n persoon bepaalde beroepsmoontlikhede verken. Deur eksplorasie kan kliënte hul ideale scenario aanpas by die realiteit wat in 'n bepaalde beroep na vore tree. Volgens Tiedeman (1963)[40] behels die eksplorasie- fase dat die kliënt differensieer tussen aksieplanne en die gewensdheid en voorspelbaarheid van elk oorweeg. Kliënte moet hulself afvra of hulle bepaalde, geantisipeerde take sal kan uitvoer, die nodige kwalifikasie sal kan bekom en of hulle verwante hindernisse sal kan oorkom. Hierdie aspek vind aansluiting by onder andere Super (1990)[41] en Holland (1992)[42] se teorieë oor loopbaanontwikkeling. Super is van mening dat die keuse van 'n beroep 'n verlengstuk van 'n individu se persoonlikheid is, terwyl Holland glo dat 'n loopbaankeuse kongruent moet wees met 'n individu se persoonlikheid om suksesvolle keuses daar te stel.

Volgens Egan (1998:301) is die keuse van 'n plan van aksie noodsaaklik om die probleemsituasie op te hef. Hy beweer dat aksieplanne verskeie voordele vir die kliënt inhou, naamlik:

- Planne help kliënte om gedissiplineerd te wees.
- Dit verhinder dat die kliënt oorweldig word deur die probleem.
- Formulering van planne help die kliënt om self meer effektiewe strategieë vir probleemoplossing te vind.
- Dit bied 'n geleentheid om op realistiese wyse die toereikendheid van doelwitte te evalueer.

---

[40] Vergelyk hoofstuk twee afdeling 4.3 vir die standpunte van Tiedeman.
[41] Vergelyk hoofstuk twee afdeling 3.1 vir die standpunte van Super.
[42] Vergelyk hoofstuk twee afdeling 2.1 vir die standpunte van Holland.

- Planne maak kliënte bewus van die hulpbronne wat hulle moet inspan om hul gekose strategieë te implementeer.
- Dit kan help om onvoorsiene struikelblokke te antisipeer in die proses om doelwitte te bereik.

Tiedeman (1963) het reeds die waarde van die besluitnemingsproses beklemtoon, asook die potensiaal daarvan om die individu in beheer van sy/haar omstandighede te plaas. Cochran (1997:106) glo dat dit nie genoegsaam is om net oor 'n beroep te lees voordat 'n besluit geneem word nie. Die kliënt moet inderdaad in 'n beroep 'gedompel' word deur aktief te eksploreer wat die beroep behels. Dit kan gedoen word deur die kliënt onderhoude met individue te laat voer (werkers, *supervisors*), om as vrywilliger 'n bepaalde werk aan te neem, besoeke aan verskillende persone wat reeds in 'n beroep staan te bring, en om die aangeleentheid met familie en vriende te bespreek.

Egan (1998:274) doen aan die hand dat daar van 'n denkskrum gebruik gemaak kan word aan die hand waarvan die kliënt 'n verskeidenheid moontlike strategieë kan genereer. Hieruit kan die gewenste aksieplan gekies kan word. Egan (1998:278) stel voor dat van raamwerke gebruik gemaak moet word om die kliënt te help om aksie-strategieë te skep. Deur van peiling en aanhitsing as tegnieke gebruik te maak, kan die voorligter die kliënt bewus maak van hulpbronne wat in sy/haar lewe bestaan. Sodanige hulpbronne sluit in individue wat kan help om die kliënt se doelwitte te verwerklik, rolmodelle wat geraadpleeg kan word en instansies of organisasies wat kan help met die realisering van die kliënt se doelwitte.

Kristallisering oorbrug die gaping wat ontstaan deur die omskrywing van die beroepskeuseprobleem (deur die behoeftes wat aan die begin van die voorligtingsproses gestel is). Tiedeman en O'Hara (1963) beweer kristallisering behels die stabilisering van denke wat plaasvind. Cochran (1997:122-123) spreek in hierdie verband die volgende siening uit:

> *What is stabilized is a future representation of career that empolts a person as a main character within a more ideal career narrative and that is adapted to a particular option.*

Volgens Cochran (1997:123) is dit nie nodig dat 'n spesifieke poging aangewend moet word vir kristallisering om plaas te vind nie. Hierdie proses word in der waarheid bepaal deur voorafgebeure wat reeds in die voorligtingsproses plaasgevind het. 'n Besluit word gegenereer deur die kwaliteit van aksies wat die besluit voorafgegaan het. Indien 'n persoon halfhartige pogings aangewend het om alternatiewe strategieë te eksploreer, kan probleme wel met kristallisering ondervind word. Kristallisering kan op drie maniere gefasiliteer word:

- Eerstens kan hindernisse geïdentifiseer en opgehef of verminder word.
- Tweedens kan weë om die einde te laat realiseer, geïdentifiseer en nagestreef word.
- Derdens kan metodes om oor besluite te reflekteer (ten einde perspektief daaroor te bekom) geskep word.

Die derde fase van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting kan soos volg gevisualiseer word:

**Figuur 5.3** Fase drie van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting (gebaseer op die drie-fase model van Egan 1998 en die narratiewe benadering van Cochran 1997)



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 5.4 'n Integrasie van die drie fases van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# 7 TEGNIEKE

Cochran (1997:42) glo dat 'n tegniek 'n gestruktureerde metode is waardeur die kliënt bemagtig word om uitdrukking te gee aan betekenis. Die kliënt moet ingelig word indien die voorligter van 'n tegniek gebruik gaan maak. Dit is noodsaaklik dat die kliënt weet waarom dit gedoen word en wat presies van hom/haar verwag gaan word.

## 7.1 Tegnieke wat 'n probleem kan verhelder

Cochran (1997:43-50) beskryf die volgende tegnieke waardeur 'n beroepsvoorligtingsprobleem verhelder kan word, waardeur die kliënt gehelp kan word om sy/haar verhaal te vertel:

### 7.1.1 Sortering van beroepskaarte

Hierdie tegniek is oorspronklik deur Tyler (Cochran 1997:43-46) ontwerp en later deur Dolver (Cochran 1997:43-46) verfyn. Die proses word gefasiliteer aan die hand van 'n pak beroepskaarte. Op die voorkant van elke kaart word 'n beroepstitel aangedui en op die agterkant van die kaart (volgens die Hollandkode) is daar inligting oor die beroep wat voorop die kaart vermeld is. Hierdie kaarte kan informeel deur voorligters self ontwerp word en behoort 'n reeks van 60 tot 100 kaarte in te sluit. Die hoofdoel met hierdie aktiwiteit is om persoonlike kriteria vir die evaluering van beroepskeuses te genereer.

Nadat die kaarte vir die kliënt aangebied is, word die kliënt versoek om die kaarte in drie groepe te verdeel: 'n groep wat die kliënt moontlik as beroepe sou kies (sou oorweeg, aanvaarbaar vind, of aanloklik vind op een of ander manier); 'n groep wat die persoon nie sou kies nie (verwerp, nie eers oorweeg nie); en 'n groep beroepe waaroor die persoon onseker voel (mag oorweeg, mag verwerp). Die 'moontlike' groep word dan verwyder, wat dan twee groepe laat vir die hooftaak van hierdie aktiwiteit. Die hooftaak van sortering kan 'n aanvang neem met enige van die twee groepe kaarte.

Elkeen van die twee groepe kaarte word dan weer gesorteer. Die kliënt kan versoek word om elkeen van die twee groepe in kleiner groepe te verdeel. Die beroepe in die kleiner groepe kan baie ooreenstem. Nadat die kleiner groepe verdeel is, kan die kliënt die kleiner groepe neem en sê wat elke beroep in gemeen het, op grond waarvan die kliënt die beroep gekies of verwerp het.

Die redes wat die kliënt aanvoer word gebruik as onderwerp vir interpretasie of uitbreiding. Om die rede vir die verwerping of die keuse te verhelder, kan die voorligter daarop reflekteer, saamvat, differensieer, vrae vra en self voorstelle maak. Die taak van die voorligter is om betekenisse uit te lig en te verhelder.

Volgens Gysbers en Moore (Cochran 1997:44) is dit belangrik om kontrasterende betekenisse te ontlok. Wanneer 'n kliënt byvoorbeeld 'n groep beroepe verwerp omdat dit té roetineagtig is, moet die kontrasterende, positiewe betekenis, byvoorbeeld dat die kliënt meer uitdaging en afwisseling in 'n beroep soek, gestel word. Cochran (1997:44) beweer in hierdie verband: *Frequently trying to clarify an opposite clarifies the original pole of meaning.* Die 'kaartsorteertegniek' word as 'n goeie tegniek beskou omdat dit geleentheid bied vir deeglike omskrywing van die probleem. Dit stimuleer dialek ten opsigte van beroepsbewussyn. Kliënte kan hulself sodoende in 'n bepaalde beroep projekteer en hulself, asook die beroep leer ken. Persoonlike sin- en betekenisvorming word dus gefasiliteer.

### 7.1.2 'n Leer van konstrukte opbou

Hierdie tegniek is oorspronklik deur Kelley (in Cochran 1997:46-48) ontwerp. Die kliënt begin deur tien beroepe te kies wat h/sy oorweeg as moontlike beroepe. Daarna word drie van die beroepe op ewekansige wyse geselekteer en word die persoon gevra om aan te dui hoe twee van die beroepe van die derde beroep verskil. Hierdie vraag kan moeilik wees om te verstaan. Daar kan moontlik eers vir die kliënt gevra word:
Watter twee beroepe is dieselfde?
Op watter manier is hulle dieselfde?

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoe verskil die derde beroep van die ander twee?
Hierdie prosedure word herhaal met die ander nege kombinasies tot daar uiteindelik tien konstrukte bestaan.

Om konstrukte tot stand te bring, verg intensiewe bespreking aangesien elke konstruk op grond van interpretasie en verheldering van betekenis ontstaan. Ten einde aanvanklike response te omskep in bruikbare konstrukte, kan verskeie vrae aan die kliënt gestel word, soos:
Kan u 'n positiewe voorbeeld gee om met syfers te werk?
Watter persoonlike betekenis is daar vir u om met syfers te werk?
Wat kry u daaruit?

### 7.1.3 Teken

Dial (in Cochran 1997:48) het die tekentegniek ontwerp waardeur die kliënt opdrag gegee word om vier verskillende prente of simbole te teken, getiteld:
Wat is ek?
Wat wil ek graag wees?
Wat verhinder my om te wees wat ek wil wees?
Wat sal die stuikelblokke oorkom?
Dial stel voor dat daar 'n begeleide meditasie met hierdie tegniek gepaard moet gaan Die simbool: Wat is ek?, definieer die huidige situasie waarin die kliënt hom/haar bevind. Die simbool: Wat wil ek graag wees?, definieer die ideale toestand waarin die kliënt hom/haar wil bevind. Saam simboliseer dit die begin en die einde van die voorligtingsprojek. Die simbole: Wat verhinder my?, en Wat kan ek doen om die struikelblokke te oorkom?, vorm die middelfase van die proses. Die interpretasie van hierdie simbole verhelder die storielyn.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 7.2 Tegnieke wat kliënte help om 'n lewensverhaal te skep

Cochran (1997:73) beweer die volgende aangaande tegnieke wat kliënte kan help om hul verhaal te vertel:

> *From the present perspective, an interview technique is a way to empower the client to tell his/her story. It offers a structure that eases narration and offers the person control of the activity, to express meaning.*

Enkele van hierdie tegnieke sal vervolgens bespreek word.

### 7.2.1 Lewenslyn

Die oorsprong van hierdie tegniek is onseker, maar word volgens Goldman (in Cochran 1997:74) algemeen gebruik. Die tegniek behels dat 'n lyn oor die lengte van 'n skoon vel papier getrek word. Die voorligter begin deur heel links op die papier 'n merk te maak wat die geboorte van die kliënt voorstel. Aan die einde van die lyn (heel regs) word die huidige situasie gemerk. Die kliënt word versoek om die mylpale/ervaringe in sy/haar lewe op te roep (ervaringe wat belangrik was of wat spesiale betekenis gedra het). Die kliënt kan dit kronologies op die lewenslyn aandui. 'n Positiewe ervaring word aangeteken deur 'n merk hoër op die papier te plaas na die mate waarin daardie ervaring positief was, en laer na die mate wat daardie ervaring negatief was. Elke merk word benoem om die gebeurtenis te identifiseer. Nadat al die merke gemaak is, word dit verbind om 'n grafiese voorstelling van die verloop van die kliënt se lewe aan te dui.

Die voltooiing van die lewenslyn sensiteer 'n persoon ten opsigte van ervaringe in die verlede en gee 'n kronologiese uitleg van die individu se lewe. Die lewenslyn word nou gebruik om vir die kliënt te vra om elke ervaring vanaf die vroegste ervarings te beskryf en seker te maak dat betekenisvolle en besondere omstandighede, gedagtes, gevoelens en aksies aangedui word en om dit met die hele lewenslyn te doen. Die fasiliteerder help die kliënt om te beskryf hoe van een ervaring na 'n volgende beweeg is. Die voorligter maak in hierdie proses gebruik van aktiewe luistertegnieke en fasiliteringsvaardighede (Cochran 1997:74).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Om 'n lewenslyn vanaf geboorte tot en met die huidige situasie te skep, sensiteer individue vir hul eie begeertes, onvoltooide take, lojaliteite, modelle en ou ambisies. Op hierdie basis word 'n nuwe lewenslyn aangebied wat beweeg vanaf die huidige tot en met afsterwe. Die kliënt ontvang die instruksie om na aanleiding van die eerste lewenslyn wat die kliënt bewus gemaak het van belangrike begeertes, sterk punte, ambisies en konflikte 'n nuwe lewenslyn te voltooi wat na die toekoms projekteer. Op hierdie lyn word die geantisipeerde ervarings geplaas. Positiewe ervarings word hoog geplaas en negatiewe ervarings word laag geplaas. Die kliënt word vervolgens versoek om aan die hand van hierdie ervarings 'n verhaal oor die toekoms te skep.

Hierdie toekomsverhaal kan verryk word deur dit te koppel aan die verlede. Die fokus moet wees om dit wat in die verlede was, voort te sit en in die toekoms te voltooi. Die volgende tipe vrae word hanteer:
Watter begeertes en sterk punte word beklemtoon en verwaarloos?
Wat is die essensiële vir die toekoms?

### 7.2.2 Skep van lewenshoofstukke

Die oorsprong van hierdie tegniek is ook onseker, maar volgens Cochran (1997:74) is dit onlangs onderskeidelik deur Carlson en Mc Adams (Cochran 1997:74) beskryf.
Die kliënt word gevra om aan sy/haar lewe as 'n outobiografie te dink en om die titels van die verskillende hoofstukke van hierdie outobiografie te benoem. Dit moet titels wees wat 'n spesifieke tydperk in die persoon se lewe reflekteer en opsom. Daar word met die eerste hoofstuk begin terwyl die fasiliteerder die kliënt help om die betekenisvolle hoofstukke se titels te skep. Om 'n titel toe te ken aan 'n fase of tydperk in die lewe moet 'n persoon kortliks die inhoud daarvan karakteriseer, wat weer die voorligter toelaat om vrae te vra en om saam te beplan aan die titel. Die voorligter kan op enige tydstip vra vir 'n beskrywing van konkrete ervaringe wat die gegewe tydstip tipeer. Indien die persoon slegs op oppervlakkige wyse titels gee, kan die uitleg gebruik word om 'n verhaal te skep. Nadat die oefening voltooi is, kan die voorligter reflektiewe vrae vra oor elke tydperk -- die konflikte, hoofdoelwitte, ontwikkelingservarings,

betekenisvolle invloede, belangstellings, aktiwiteite en invloedryke persone wat 'n aandeel daaraan gehad het.

Die skep van hoofstuktitels tot in die huidige scenario berei die kliënt voor om hoofstuktitels oor die res van sy/haar lewe te skep. Die kliënt word vervolgens versoek om vooruit te kyk na die res van sy/haar lewe en hoofstuktitels te skep wat vanaf die huidige tot by afsterwe strek. Daar word aan die kliënt gesê dat daar hoofstukke is wat h/sy **verwag** gaan gebeur en dan is daar hoofstukke wat die kliënt **hoop** sal gebeur om die lewe te vervolmaak. Hierna word begin met die volgende hoofstuk in die kliënt se lewe en titels word geskep tot aan die einde van sy/haar lewe. Negatiewe hoofstukke moet omskep word in positiewe hoofstukke. Die fokus van hierdie oefening is direk gerig op persoonlike betekenisvorming. Dit help om 'n bespreking van 'n toekomsverhaal te fasiliteer.

### 7.2.3 Suksesvolle ervarings

Met hierdie tegniek word die kliënt gevra om 'n lys te maak van suksesvolle ervarings wat vir hom/haar aangenaam was. Deur met die eerste ervaring te begin word die kliënt gevra om die ervaring in fyn besonderhede te beskryf -- hoe dit begin het, hoe die sukses gebeur het, hoe dit afgesluit het, wat die kliënt gedink, gevoel en deurgaans gedoen het. Die kliënt vertel as't ware 'n verhaal. Die rol van die voorligter is om die kliënt te help om oor die ervaring na te dink en om die verhaal tot 'n meer volledig weergawe uit te brei. Wanneer die kliënt die verhaal klaar vertel het, word dit nogeens herhaal, met die doel om die kliënt se sterk punte uit te lig. Die sterk punte wat bepaalde suksesse tot gevolg gehad het, kon basiese moontlikhede (soos algemene intelligensie en numeriese aanleg), vaardighede en moontlikhede (beplanning en oortuigingsvermoë) spesifieke kennis en karaktertrekke (volharding), insluit. Om sterk punte te identifiseer en uit te lig moet die voorligter aanvanklik aktief wees aan die begin, terwyl die kliënt later stelselmatig behoort betrek te word. Nadat die eerste ervaring voltooi is, doen die voorligter en die kliënt dieselfde met die res van die ervarings totdat 'n versadigingsvlak bereik word, waar geen nuwe sterk punte

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gegenereer kan word nie. Indien 'n kliënt nie aan suksesvolle ervarings kan dink nie, moet daar na genotvolle ervarings gesoek word.

Suksesvolle ervarings kan op verskeie maniere gebruik word om beroepsvoorligting te fasiliteer. Eerstens kan suksesse wat 'n persoon in die verlede behaal het, bydra om die individu te help om te antisipeer waarmee h/sy in die toekoms suksesvol sal wees. Tweedens kan die individu sy/haar eie sterk punte wat vorige suksesvolle ervarings verseker het identifiseer en dit na 'n beroep of handeling projekteer waar hierdie sterk punte handig te pas sal kom. Sterk punte kan gekoppel word aan bepaalde beroepe deur dit te koppel aan die eise wat deur 'n bepaalde beroep gestel word (Cochran 1997:89-90).

### 7.2.4 Voorligtingsmateriaal

'n Verskeidenheid voorligtingsmateriaal kan gebruik word om 'n eksterne verwysingsraamwerk te skep waardeur 'n persoonlike verwysingsraamwerk binne die konteks van werk geskep kan word. 'n Goeie voorbeeld hiervan sou die *Selfondersoek- vraelys (SOV)* van Holland wees, waar ses algemene persoonlikheidstipes aan ses beroepstipes gekoppel word. 'n Persoon wat met die regte omgewing gepas word, sal meer stabiel, produktief en tevrede wees as 'n persoon wat nie reg gepas word nie. 'n Persoonlikheidstipe is 'n sintese van 'n individu se belangstellings, waardes, vaardighede, trekke en selfkonsep wat begeertes en bekwaamhede definieer.
Cochran (1997:90) beweer in hierdie verband :

> *A personality type is a general narrative devoid of individual features that might personalize it. For example, the main character in an artist's drama is imaginitive, emotional, expressive, and sensitive. He or she engages in artistic activities (writing, performing, etc.) to create ideas and beauty, and to express himself or herself. The value of this degree of generality is that it facilitates an organization of relevant occupations and provides enough plot definition for a person to identify or dis-identify with it.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie voorligtingsmateriaal word hoofsaaklik kwalitatief gebruik om die kliënt te fasiliteer tot betekenisvorming en geensins om volgens die tradisionele benadering te *'test-and-tell'* nie.

### 7.2.5 *Collage*

Volgens Maree (1998/9:42) kan die *collage-tegniek* ook met vrug gebruik word om kliënte te help om hul lewensverhaal te vertel. Die skep van 'n *collage* bestaan uit twee dele. Die eerste deel behels die dinkfase waar die kliënt die geleentheid gebied word om na te dink oor: Wie is ek? Vrae wat aan die kliënt gevra kan word om hierdie proses te stimuleer sluit in:

Wat is my rolle?

Wat is my doelwitte?

Wat is vir my belangrik in die lewe?

Wat is vir my die mees belangrikste in die lewe?

Waarheen is my lewe onderweg?

Wat sal ek graag wil doen wat ek nog nie gedoen het nie?

Wat geniet ek?

Het ek 'n droom gehad?

Het hierdie droom van my gerealiseer of het dit verlore gegaan?

Wat is my waardevolste besitting?

Die tweede deel van die hierdie tegniek behels die skep van 'n *collage.* Die kliënt word versoek om hom/haar uit te beeld deur middel van die *collage*. Die *collage* moet vir die kliët betekenis dra. Die *collage* wat die kliënt geskep het kan in die daaropvolgende sessies gebruik word ten einde die proses van voorligting aan die hand daarvan te fasiliteer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 8 Aspekte wat verreken moet word in 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting op makrostrukturele vlak

Veranderinge in die Suid-Afrikaanse samelewing wat reeds vroeër in hierdie studie uitgelig is, vereis dat hernuwing moet plaasvind in die wyse waarop beroepsvoorligting aangebied word op **mikro**strukturele vlak (een tot een regstellende intervensie) en op **makro**strukturele vlak (groep-intervensie met die oog op voorkoming). Daar kan weer kortliks verwys word na hierdie veranderinge: Veranderinge in die onderwysstelsel en die benadering tot onderwys soos vergestalt in Uitkomsgebaseerde Onderwys en Kurrikulum 2005, politieke veranderinge wat 'n nuwe lig werp op die nood aan intervensie vanweë groot getalle leerders en die beperkte hulpbronne van voorligters, ekonomiese agteruitgang van die Suid-Afrikaanse samelewing wat gekenmerk word aan 'n hoë werkloosheidsyfer en 'n sosiale wending wat tot stand gekom het vanweë die beweging van 'n moderne na 'n postmoderne samelewing.

Die benadering wat toenemend in die huidige onderwysstelsel gebruik word, fokus daarop dat die voorligter meer betrokke sal raak om in spanverband behulpsaam te wees met die ontwikkeling/gereedmaking van leerders vir toekomstige beroepe. Die rol van die beroepsvoorligter binne hierdie konteks sou onder meer wees om nuwe tegnieke en materiaal te ontwikkel, tegnologie by die beroepsvoorligtingsproses te integreer, leerders en onderwysers op grond van 'n postmodernistiese benadering tot voorligting te fasiliteer en om deel te neem aan die herstrukturering van beroepsvoorligting ten einde dit meer toeganklik te maak vir alle leerders. Volgens Davidoff en Lazarus (1997:18) kan die opvoedkundige sielkundige 'n indringende studie maak van 'n totale leersentrum se funksionering en op die makrovlak aanbevelings maak in verband met potensiële herstrukturering.

Die NCSNET en NCESS (1997:15-23,26) het in 'n verslag 'n aantal oorsake geïdentifiseer wat daartoe aanleiding kan gee dat leerders nie hul volle potensiaal kan bereik nie, naamlik:

- sosio-ekonomiese faktore;

- houdings (diskriminasie op grond van ras, geslag, kultuur, gestremdheid of seksuele voorkeur);
- 'n onbuigbare kurrikulum (maak nie voorsiening vir die diversiteit van leerders nie);
- taal en kommunikasie;
- ontoeganklike omgewings en omgewings wat onveilig opgerig is;
- onvanpaste en onvoldoende voorsiening van ondersteuningsdienste;
- gebrek aan bemagtigende en beskermende wetgewing en beleid;
- gebrek aan ouerlike erkenning en betrokkenheid;
- gestremdhede en
- gebrek aan menslike hulpbronstrategieë en metodes van assessering.

Die postmodernistiese benadering wat ten doel stel om enige ongelykhede in 'n samelewing uit te skakel deur die verandering van houdings, opheffing van enige vorm van diskriminasie (deur onder andere assesseringstegnieke te bevraagteken), kan as verterkpunt dien vir moontlike oplossing van voormelde probleme.

In die Greenpaper on Education (1999:43) word beklemtoon dat lewensvaardighede 'n belangrike aspek van opvoeding is wat in al die leerareas geïntegreer behoort te word. Die implikasie hiervan sou wees dat alle opvoeders die nodige vaardighede moet bekom om hierdie lewensvaardighede te kan onderrig. Die ontwikkeling van positiewe gesindhede en die hoogagting en aanvaarding van diversiteit behoort 'n belangrike aspek van lewensvaardighede te wees (Greenpaper on Education 1999:44). Die voorligter kan in hierdie verband 'n belangrike rol speel deur deel te neem aan die proses van herstrukturering deur programme en materiaal te ontwikkel wat in verdere opleidingsprojekte gebruik kan word.

Die postmodernistiese benadering wat in hierdie studie voorgestaan word, kan dien as basis aan die hand waarvan programme en projekte beplan kan word. Die beroepsvoorligter (in hierdie geval die opvoedkundige sielkundige) fasiliteer in samewerking met al die betrokke rolspelers, die proses waardeur nuwe programme ontwerp en geïmplementeer word. 'n Vryer benadering sal in hierdie opsig gevolg word

deurdat daar nie sprake is van enige 'eksperte' nie en deurdat probleemoplossing op koöperatiewe wyse bereik word. Die rol van die voorligter, onderwyser, leerders en ouers word nie as afgegrens beskou nie en daar kan wedersydse kennis uitgeruil word sodat 'n groter samewerking verseker kan word.

Daar word aan die hand van die NCSNET en NCESS verslag (1997:50-63;68-84;102-115), sowel as die Greenpaper on Education (1999:44-45;52) voorsien dat die rol van die beroepsvoorligter die volgende sou insluit:

- Die skep van innoverende praktyke en programme wat die aanpassingsproses van alle leerders vanaf die skool na opleidingsinstansies en beroepe sal fasiliteer.
- Ondersteuning aan onderwysers en die onderwyssisteem, sowel as groot groepe leerders.
- Die lewer van insette in die ontwikkeling van 'n buigsame kurrikulum (veral met betrekking tot die leerarea lewensvaardighede), wat die diversiteit van leerderbehoeftes kan akkommodeer.
- Die bevordering en implementering van ontwikkelingsprogramme om onderwysers, ondersteuningspersoneel en ander menslike hulpbronne van die nodige kennis en vaardighede te voorsien (dit sluit onder andere die sensitisering ten opsigte van nuwe benaderings soos die postmodernisme in). Die bevordering van gewenste ingesteldhede ten einde op die behoeftes van alle leerders te reageer. Oriëntering en indiensopleiding is belangrik en behoort deurlopend aan alle onderwysers aangebied te word.
- Die daarstel van gemeenskapsgebaseerde ondersteuning deur alle hulpbronne in die gemeenskap te identifiseer en gemeenskapsondersteuningsisteme uit te brei. (In hierdie verband kan gemeld word dat dit veral sinvol sou wees om 'n uitgebreide netwerk te skep in die beroepswêreld waar leerders inligting en ervaring oor beroepe kon inwin -- 'n belangrike komponent van aksie om 'n beroepsbesluit te kan neem).
- Meewerking aan die ontwikkeling van holistiese en geïntegreerde ondersteuningsdienste. Daar moet met verskillende dissiplines saamgewerk word om omvattende ondersteuning aan leerders te bied.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die intervensie op makrostrukturele vlak binne 'n postmoderne konteks kan geïntegreer word met die model soos inhoofstuk vyf p191 uiteengesit en kan grafies soos volg voorgestel word:

**Figuur 5.5** 'n Integrasie van 'n potensiële postmodernistiese model op mikro- en makrostrukturele vlak

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# 9 SAMEVATTING

Beroepsvoorligting vanuit 'n postmodernistiese konteks behels dat daar met nuwe oë gekyk word na die tradisioneel moderne benadering van die twintigste eeu. Die moderne benadering tot beroepsvoorligting het behels dat daar deur middel van objektiewe metodes beroepe vir individue gekies is waarin hulle suksevol sou kon wees. Hierdie objektiewe beeld is verkry deur toetsresultate te pas met die vereistes van 'n bepaalde beroep. Faktore soos toenemende ontevredenheid met die modernisme vanweë onvervulde drome en ideale, het aanleiding gegee tot die sienswyse dat die benadering tot beroepsvoorligting aangepas moet word om by die huidige postmoderne diskoers aan te pas.

Die postmoderne werksetiek met die klem op selfontwikkeling en betekenisvorming vereis dat daar 'n meer subjektiewe komponent tot beroepsvoorligting toegevoeg word ten einde kliënte se behoefte aan 'n persoonlike betekenis van werk te bevredig.

Vanuit die beginsels van die postmoderne era is in hierdie hoofstuk 'n potensiële nuwe model vir beroepsvoorligting geskep, wat onderliggend **kliëntgesentreerd** is. Die behoeftes van die kliënt word voorop geplaas met die uitsluitlike doel om die kliënt te **bemagtig** om **self besluite** oor die **toekoms** te kan neem. Die basis van hierdie model berus op die narratiewe benadering deur middel waarvan die kliënt sy/haar **eie lewensverhaal skep**, met die oog op 'n **ideale lewensverhaal**. Die beginsels vir beroepsvoorligting binne 'n postmodernistiese konteks dien as basis vir beroepsvoorligting op mikro- en makrostrukturele vlak. Makrostrukturele intervensie is hier veral gefokus op grootgroep voorkomende intervensie.

In hierdie hoofstuk is daar gepoog om 'n model daar te stel aan die hand waarvan daar in hoofstuk ses programme vir voorligting ontwerp kan word wat die behoeftes van individuele kliënte sal pas.

# DIE ONTWERP VAN 'N POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING

Hoofstuk 1

Inleiding, konseptualisering, probleemstelling en programaankondiging

Hoofstuk 2

`n Oorsig van enkele epistemologiese vertrekpunte tot beroepsvoorligting

Hoofstuk 3

Kultuur en kruiskulturele faktore in die ontwerp van `n model vir beroepsvoorligting

Hoofstuk 4

`n Oorsig van bestaande modelle vir beroepsvoorligting

Hoofstuk 5

`n Postmodernistiese model vir beroepsvoorligting

**Hoofstuk 6**

**Implementering en uittoetsing van die model**

Hoofstuk 7

Samevatting en aanbevelings



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK SES
# TOEPASSING VAN 'N POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING

## 1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal verskeie idiografiese/gevallestudies beskryf en bespreek word ter toepassing van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting. Hierdie toepassing sou ten doel stel om:

- Die eklektiese aard van 'n postmodernistiese benadering tot beroepsvoorligting te illustreer.
- Die buigsaamheid van 'n postmodernistiese model tot beroepsvoorligting te demonstreer ten aansien van die individualiteit en diversiteit van alle leerders wat aangewese is op beroepsvoorligting. Hierdie buigsaamheid sal sigbaar wees in die evaluerings- en voorligtingstegnieke wat aangewend word in die beroepsvoorligtingsproses.
- Die rol van die voorligter (as fasiliteerder in die voorligtingsproses) en die rol van die leerder/kliënt (wat deur selfinterpretasie en betekenisvorming die 'ekspert' raak in die voorligtingsproses) uit te beeld.

Die idiografiese (ook genoem gevallestudies) metode word vervolgens bespreek voordat na individuele gevallestudies gekyk word.

# 2 DIE IDIOGRAFIESE/GEVALLESTUDIE

## 2.1 Die doel van die idiografiese/gevallestudie

Die doel van idiografiese/gevallestudie[43] word onder andere deur die volgende navorsers soos volg beskryf:

Badenhorst (Conradie 1995:182) beskou die vernaamste doel van gevallestudie as die naspeur van die belangrikste aspek van 'n saak of situasie. Die eenheid wat gebruik word in só 'n studie sluit in 'n individu, sosiale instelling of kulturele groep. In 'n gevallestudie kan 'n fase in die geskiedenis en lewensverloop van die eenheid nagevors word of die volle verloop daarvan kan nagegaan word.

Volgens Mouton en Marais (1990:49) het navorsing wat deur gevallestudies gedoen word 'n meer kontekstuele belang omdat dit klem lê op dit wat onderskeidend en uniek in 'n situasie of gebeurtenis is.

Volgens Bordin (in Conradie 1995:182) is die doel van gevallestudies die volgende:

> *Case records have major functions: supervision and consultation; the aid they give to the counselor in counseling situations; implementation of agency policies and evaluation and research.*

Bromley (1986:2) beskryf gevallestudie soos volg: *The case study method is a basic form of scientific inquiry that underpin effective professional practice especially in relation to human problems.* Die onderhawige gevallestudies bevestig hierdie stelling, ook die stelling dat 'n ontleding van die individuele geval, met behulp van kwalitatiewe en kwantitatiewe tegnieke, onder meer meehelp tot die daarstel van die sogenaamde gevalle wet. Bromley (Maree 1994:62) sluit hierby aan met die volgende stelling: *An organized body of knowledge derived from work with individual cases and repeatedly tested against new cases.* Die beperking en tekortkominge inherent aan hierdie

---

[43] Ter wille van bondigheid word na idiografiese/gevallestudies verwys as gevallestudies.

navorsingsmetode (soos dat navorsers sekere aspekte van die toetsresultate verskillend mag interpreteer, word deurgaans in ag geneem.

Die gevallestudie wat in die onderhawige hoofstuk aangewend word is aan die hand van *ex post facto-navorsing* [44]en aksienavorsing[45] uit gevoer.

In hierdie hoofstuk sal idiografiese studies gebruik word om:

- 'n Voorgestelde postmodernistiese model vir beroepsvoorligting empiries te evalueer.
- Die verskil/verandering wat beroepsvoorligitng binne 'n moderne era ondergaan het en die verskli tussen die tradisionele benadering en die postmoderne benadering uit te wys.
- Die postmodernistiese benadering in die proses van beroepsvoorligting te illustreer.

## 2.2 Prosedure met die gebruik van die gevallestudies

Daar sal eerstens gebruik gemaak word van gevallestudies wat reeds volgens die tradisionele benadering voorligting ontvang het. In hierdie verband is gevallestudies bekom van die Sentrum vir Kinder- en Volwasseneleiding aan die Universiteit van Pretoria[46] wat vir beroepsvoorligting aangemeld het. Die tradisioneleproses van beroepsvoorligting, soos wat dit deur voorligters by hierdie sentrum behartig is, sal vergelyk word deur dieselfde geval aan die hand van 'n moontlike model vir beroepsvoorligting binne 'n postmodernistiese konteks te vergelyk. Tweedens sal enkele gevallestudies wat deur die voorligter uitgevoer is, gebruik word aan die hand waarvan 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting toegepas kan word.

---

[44] *Post hoc*-navorsing word ook in hoofstuk een afdeling 4.2.3.1 bespreek.
[45] Aksienavorsing word ook in hoofstuk een afdeling 4.2.3.2 bespreek.
[46] Toestemmings brief van die direkteur van die Sentrum vir Kinder- en Volwasseneleiding word in bylae A verskaf.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2.3 Seleksie van die gevallestudies

Hierdie studie onderneem om die bruikbaarheid van 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting binne verskillende kulture te illustreer. Ten einde in staat te wees om hierdie idiografiese studie uit te voer, is besluit om gevallestudies uit diverse kulture te selekteer[47]. Gevallestudies is dus hoofsaaklik op grond van verskillende kulture geselekteer, maar sorg is ook gedra om beide geslagte, asook volwasse en skoolgaande leerders[48] by die studie in te sluit.

## 2.4 Verkenningsmedium

Daar sal gebruik gemaak word van die inhoud van die voorligtings lêers van individuele leerders wat die afgelope twee jaar (1998-1999) by die Sentrum vir Kinder- en Volwasseneleiding aangemeld het vir beroepvoorligting en gevallestudies wat by die navorser aangemeld is. Alle inligting wat in die oorspronklike voorligtingsituasie bekom is, sal aangewend en toegepas word op die moontlike model van beroepsvoorligting binne 'n postmoderne konteks.

# 3. IDIOGRAFIESE/GEVALLESTUDIES

Die doel van gevallestudies in die onderhawige navorsing is om beroepsvoorligting aan alle leerders binne 'n postmoderne konteks aan die hand van 'n moontlike postmodernistiese model vir beroepsvoorligting te illustreer.

---

[47] Die proses van seleksie van gevallestudies word ook in hoofstuk een afdeling 4.3 bespreek.
[48] Name van individuele leerders sal weerhou word om die vertroulikheid te verseker.

## 3.1 Gevallestudie een

### 3.1.1 Identifiserende besonderhede

Indiërseun[49]

16 jaar 7 maande

Graad 12

### 3.1.2 Probleemstelling[50]

Die leerder voel onseker oor 'n toekomstige beroep.

### 3.1.3 Skolastiese beeld

| Vak | Graad | Simbool |
|---|---|---|
| Engels | HG | E |
| Afrikaans | HG | E |
| Wiskunde | HG | F |
| Natuur en Skeikunde | HG | E |
| Ekonomie | HG | C |
| Rekeningkunde | HG | D |

### 3.1.4 Belangrike moment wat uit die ondersoek afgelei kan word

- Die leerder vermeld op verskeie geleenthede dat hy 'n beroep in die rekenaarwese wil beoefen.
- Die leerder se skolastiese profiel is laag.

---

[49] Die klassifisering van individue in etniese- en rasgroepe binne dié konteks is met die uitsluitlike doel om die verteenwoordigende aard van die steekproef te beklemtoon.

[50] Die term "probleemstelling" is 'n term wat binne die moderne konteks algemeen gebruik is. Hierdie term word in die studie gebruik omdat dit in die oorspronlike gevallestudie gebruik is en dit deel vorm van die moderne perspektief wat uitgebeeld word.

- Die leerder en sy ouers spreek die verwagting uit dat hy 'n kursus aan 'n universiteit moet voltooi.
- Die leerder openbaar 'n groot voorkeur vir besigheidsaktiwiteite soos om te koop en te verkoop.

### 3.1.5 Proses van voorligting

**Tabel 6.1** Proses van voorligting: gevallestudie een

| Tradisionele benadering | Postmoderne benadering[51] |
|---|---|
| **Psigometriese toetse wat ingeskakel is**<br><br>▪ *Die Opname van Studiegewoontes en -houdings (OSGH)*<br>▪ *Die Senior Aanlegtoetse (SAT)*<br>▪ *Die Suid-Afrikaanse Beroepsbelang-stellingsvraelys (SABBV)*<br>▪ *Die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys (HSPV)*<br>Selfevalueringsmedia | **Psigometriese toetse wat moontlik ingeskakel kan word**<br>▪ *Selfondersoekvraelys (SOV)*<br>▪ *Die Opname van Studiegewoontes en -houdings (OSGH)* |
| **Proses wat gevolg is**<br>(twee tot drie sessies)<br><br>Kontakonderhoud wat bestaan uit 'n agtergrondgesprek, psigometriese toetsing en selfevaluasie. Terugvoergesprek waarin aanbevelings gemaak is en 'n verslag beskikbaar gestel is. | **Proses wat gevolg kan word**<br>(ses tot agt sessies)<br>**Fase1**<br>Die ouers en die leerder vertel saam waarom hulle vir hulp gekom het. Oriënteer hulle ten aansien van die voorligtingsproses met betrekking tot die volgende aspekte:<br>▪ Die rol van die voorligter is om die proses |

[51] Die proses van beroepsvoorligting sal nie soos die tradisionele benadering in terme van vermoë, belangstelling, aanleg en persoonlikheid bespreek word nie omdat dit beskou word as 'n interaktiewe proses wat deurgaans plaasvind.

| **Inligting wat bekom is deur die ondersoek** | te fasiliteer. |
|---|---|
| ▪ Intellektuele moontlikhede<br>Gemiddelde intellektuele vemoë soos gemeet deur die Senior Aanlegtoetse. | ▪ Die leerder/kliënt gaan aktief deelneem aan die proses en gaan self ook navorsing moet doen oor sekere aspekte. |
| ▪ Aanlegbeeld<br>Ekonomiese wetenskappe (laag).<br>Natuurwetenskappe (ondergemiddeld).<br>Menslike wetenskappe (laag). | ▪ Dit is 'n lang proses wat nie in een of twee sessies afgehandel kan word nie maar sal uit ongeveer ses tot agt sessies van ongeveer 60 minute bestaan.<br>▪ Die kliënt gaan self oor 'n toekomstige beroep besluit. |
| Verbale vermoë (laag)<br>Numeries (gemiddeld)<br>Visueel-ruimtelike redenering (laag)<br>Klerklike aanleg (hoog-gemiddeld)<br>Geheue (laag)<br>Handvaardigheid (hoog-gemiddeld) | Sluit 'n saamwerkooreenkoms (kontrak)[52].<br><br>Die leerder (sonder sy ouers) word geleentheid gebied om sy verhaal te vertel en die 'probleem'[53] te verhelder. Gebruik die inskakeling en interpretasie van die *SOV* en *OSGH* (kwalitatief) om die leerder te help om tesame met sy skolastiese beeld die probleem te verhelder en beskryf. |
| ▪ Belangstelling<br>**Selfevalueringsmedia**<br>Stel belang in besigheidsaktiwiteite soos om te koop en te verkoop; werk met of herstel van masjinerie en om syfers te bereken.<br>***SABBV***<br>Volgens die *SABBV* is sy voorkeur profiel in volgorde van voorkeur soos volg:<br>Besigheid en bestuur<br>Prakties realisties<br>Klerklik-administratief<br>▪ Persoonlikheid | **Fase 2**<br>Aspekte wat in hierdie fase aandag moet geniet, sluit in:<br>▪ Onrealistiese verwagting ten opsigte van voorgenome studierigting.<br>▪ Kliënt moet bewus word van sy eie sterk punte, voorkeure en aanlegte. |

[52] Vergelyk hoofstuk vyf afdeling 6.5.1in verband met saamwerkooreenkoms( kontrak).
[53] Binne die postmoderne konteks word die term "probleem" as ontoepaslik beskou. Die woord "uitdaging" of "geleentheid" word in die plek hiervan voorgestel. Al beskou die kliënt dit tans as 'n 'probleem', moet die voorligter die proses fasiliteer dat die kliënt die paradigmaskuif maak om probleme as geleenthede te beskou.
[54] Hierdie tegniek word volledig in hoofstuk vyf afgdeling 6.2.3 beskryf.

| | |
|---|---|
| Vriendelik, goedgeaard en neem maklik deel aan groepaktiwiteite. Neem graag leiding in sosiale interaksie. Gedetermineerd, neem graag sy eie besluite, streef nie na groepsaanvaarding nie. Word maklik kwaad, bekommer homself en raak emosioneel wanneer hy gefrustreerd voel. Kan maklik moed verloor en verantwoordelikhede ontduik.<br><br>▪ Studiegewoontes<br>Volgens die resultate van die *OSGH* is die leerder positief teenoor akademiese werk. Effektiwiteit in die voltooiing van take kan in die algemeen verbeter.<br><br>▪ Aanbevelings<br>Die leerder moet die volgende studierigtings oorweeg:<br><br>✓ Loopbane in die Ekonomiese en bestuurswetenskappe, byvoorbeeld: aankope; hotelbemarking; krediet; produksie; verkope; aandelemark; rekenaartegnikus; boekhouding<br>✓ Loopbane in die Sosiale wetenskappe: menslike hulpbron bestuur;inligtings-beampte; opleidings-offisier.<br>▪ Beroepsverkenning aangaande bogenoemde studierigtings deur ope dae by te woon, gesprekke met dosente of professionele persone; informele beroepservaring.<br>▪ Realistiese kort- medium- en | Maak gebruik van die tegniek van 'suksesvolle ervarings'[54]. Hierdie tegniek word toegepas op vorige ervarings van die kliënt uit sy verlede, hede asook ervarings wat vir die toekoms voorsien word. Belangrike doelwitte vir hierdie fase sou wees dat die kliënt inligting moet bekom oor die beroepe waarin hy belangstel sowel as die toelatingsvereistes van die verskillende opleidingsinstansies (dit sou as tuiswerkopdrag kan dien).<br><br>Die kliënt se vorige suksesvolle ervarings, tesame met die inligting van die *SOV* en akademiese profiel word gebruik om onrealistiese verwagtinge te hanteer en om alternatiewe beroepsgeleenthede te genereer. Beroepsmoontlikhede moet nou geïdentifiseer word.<br><br>**Fase 3**<br>Vorm 'n denkskrum met die leerder waarin die volgende aangespreek word:<br>▪ Watter uitdagings sou daar wees met die realisering van die beroepskeuses wat gemaak is?<br>▪ Watter persone/instansies kan meer inligting/ervaring oor hierdie beroepe gee?<br>▪ Watter stappe moet die leerder volg om hierdie besluit 'n realiteit te maak?<br>Die kliënt/leerder gee self terugvoer aan sy ouers (met die hulp van die fasiliteerder) oor die keuse wat hy gemaak het. |

| | |
|---|---|
| langtermyndoelwitte vir homself stel. Dit sluit in: die gebruik van effektiewe studiemetodes, minder tyd te vermors en opdragte betyds af te handel.<br>▪ Die leerder moet oorweeg om sy wiskundevlak te verander om sy prestasie te verbeter.<br>▪ Die leerder se ouers moet die inhoud van die verslag met sy skool bespreek. | |

Die wydlopigheid van die moderne benadering wat deur hierdie gevallestudie sigbaar word is nie sigbaar in die postmoderne benadering nie. Betekenisvorming (wat die essensie van die voorligtingsproses binne 'n postmoderne benadering is) sal waarskynlik nie deur die wydlopige aard van die moderne benadering gefasiliteer word nie.

## 3.2 Gevallestudie twee

### 3.2.1 Identifiserende besonderhede

Kleurlingseun
17 jaar 4 maande
Graad 12

### 3.2.2 Probleemstelling

Die leerder verlang beroepsvoorligting met betrekking tot 'n toekomstige beroep.

### 3.2.3 Skolastiese beeld

| Vak | Graad | Simbool |
|---|---|---|
| Afrikaans Eerste Taal | HG | D |
| Engels Tweede Taal | HG | E |
| Wiskunde | HG | D |
| Natuur- en Skeikunde | SG | D |
| Biologie | HG | C |
| Aardrykskunde | HG | D |

### 3.2.4 Belangrike momente wat uit die ondersoek afgelei kan word

- Die leerder se skolastiese beeld is laag.
- Die leerder beplan om 'n kursus in Chemiese Ingenieurswese aan 'n universiteit te studeer.
- Hy hou daarvan om te teken. Die kwaliteit van sy tekeninge is goed.
- Die leerder se ouers is geskei.
- Die leerder se verhouding met beide sy ouers het die afgelope jaar versleg.
- Hy openbaar aggressiewe gedrag teenoor sy ouers.

### 3.2.5 Proses van voorligting

**Tabel 6.2** Proses van voorligting: gevallestudie twee

| **Tradisionele benadering** | **Postmoderne benadering** |
|---|---|
| **Psigometriese toetse wat ingeskakel is**<br>▪ *Die Suid-Afrikaanse Beroepsbelangstellingsvraelys (SABBV)*<br>▪ *Die 19-Veld-Belangstellingsvraelys (19 VBV)*<br>▪ *Die Senior Aanlegtoetse (SAT)* | **Psigometriese toetse wat ingeskakel kan word**<br>▪ *Selfontwikkelingsvraelys (SOV)*<br>▪ *Loopbaanontwikkelingsvraelys (LOV)* |

| | |
|---|---|
| ▪ *Die Sestienpersoonlikhiedsfaktorvraelys (16 PF).*<br>▪ *Die Jung-persoonlikheidsvraelys*<br>▪ Wigglyblok | |
| **Proses wat gevolg is**<br>(twee tot drie sessies)<br>Kontakonderhoud: agtergrondgesprek, psigometriese en selfvaluasie.<br>Terugvoergesprek: aanbevelings en verslag.<br><br>**Inligting wat bekom is**<br>▪ Intellektuele moontlikhede<br>Bogemiddelde intelligensie op die *SAT* wat bevestig word deur die Wigglyblok.<br><br>▪ Aanleg<br>Verbale vermoë (swak)<br>Numeriese vermoë (swak)<br>Visueel-ruimtelike redenering (gemiddeld).<br>Klerklike aanleg (swak)<br>Geheue (gemiddeld)<br>Motoriese vaardigheid (gemiddeld)<br><br>▪ Belangstelling<br>Voorkeurprofiel in volgorde van voorkeur volgens die *19 VBV*:<br>Natuurwetenskappe<br>Handelswetenskappe<br>Geesteswetenskappe<br><br>▪ Persoonlikheid | **Proses wat gevolg kan word**<br>(ses tot agt sessies)<br>**Fase1**<br>Die ouers en die leerder vertel saam waarom hulle vir hulp gekom het. Oriënteer hulle ten aansien van die voorligtingsproses met betrekking tot die volgende aspekte:<br>▪ Die rol van die voorligter is om die proses te fasiliteer.<br>▪ Die leerder/kliënt gaan aktief deelneem aan die proses en gaan self ook navorsing moet doen oor sekere aspekte.<br>▪ Dit is 'n lang proses wat nie in een of twee sessies afgehandel kan word nie maar sal uit ongeveer ses tot agt sessies van ongeveer 60 minute bestaan.<br>▪ Die kliënt gaan self oor 'n toekomstige beroep besluit.<br><br>Sluit 'n saamwerkooreenkoms (kontrak).<br><br>Gebruik die 'tekentegniek'[55]om die kliënt te help om sy verhaal te vertel en die probleem te verhelder. Die opdrag aan die kliënt is om vier prente te teken wat die volgende uitbeeld: |

[55] Hierdie tegniek word in hoofstuk vyf afdeling 6.1.3 beskryf.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



***16 PF***

Beïnvloedbaar deur gevoelens, vertrouend, groepafhanklik, selfgeldend en onverskillig.

***Jung-persoonlikheidsvraelys***

Moontlike introvert. Op rasionele vlak word hy gelei deur denke in besluitneming en op irrasionele vlak deur waarneming en intuïsie. Ernstig, stil, deeglik, 'n noukeurige en verantwoordelike persoon. Beroepe waarin hierdie persoonlikheidstipes optimaal benut word, is:

Analitiese chemikus
Apteker
Argitektekenaar
Lugverkeerleier
Mediese tegnoloog
Stads- en streeksbeplanner

- Aanbevelings

Die volgende beroepe word aanbeveel:

✓ 'n Nasionale Diploma in Chemiese Ingenieurswese.
✓ 'n BTech-graad in Chemiese Ingenieurswese.
✓ Nasionale diploma in Inligtingtegnologie.
✓ Lugverkeerleier - Kollege vir lugverkeer en navigasiedienste.
✓ Nasionale diploma in argitektuurtegnologie.
✓ Graad of Nasionale diploma in Stads- en streeksbeplanning.

- Wat is ek?
- Wat sal ek graag wil wees?
- Watter hindernisse is daar vir my?
- Wat kan daardie hindernisse oorkom?

Elke tekening word die fokus van interpretasie terwyl die voorligter verskillende assosiasies, nuanses, insigte en verbande fasiliteer.

**Fase 2**

Maak gebruik van die 'lewenslyntegniek'[56]. Hierdie tegniek word gekies omdat die leerder nog homself moet oriënteer ten aansien van gebeure/ervarings wat in sy lewe afgespeel het (sal moontlik aansluiting kan vind by die leerder se aggressiewe gedrag). Nadat hierdie oefening afgehandel is word die *Loopbaanontwikkelingsvraelys (LOV)* en die *Selfondersoekvraelys (SOV)* ingeskakel met die doel om die leerder bewus te maak van sy kennis van beroepe (die leerder kan verder self toelatingsvereistes vir verskillende beroepe wat geïdentifiseer is, navors). Die inligting wat bekom is, word kwalitatief geïnterpreteer en geïntegreer by die leerder se kennis van homself wat uit die lewenslyn bekom is. Moontlike beroepe word geïdentifiseer.

---

56 Hierdie tegniek word in hoofstuk vyf afdeling 6.2.1 beskryf.

| | |
|---|---|
| ▪ Die leerder moet beroepskennis opdoen deur met mense te praat wat hierdie beroepe beoefen, daaroor op te lees, sommige van hierdie werksplekke te besoek. | **Fase 3**<br><br>Vorm 'n denkskrum met die leerder waarin die volgende aangespreek word:<br>▪ Watter uitdagings sou daar wees met die realisering van die beroepskeuses wat gemaak is?<br>▪ Watter persone/instansies kan meer inligting/ervaring oor hierdie beroepe gee?<br>▪ Watter stappe moet die leerder volg om hierdie besluit 'n realiteit te maak?<br><br>Die kliënt/leerder gee self terugvoer aan sy ouers (met die hulp van die fasiliteerder) oor die keuses wat gemaak is. |

## 3.3 Gevallestudie drie

### 3.3.1 Identifiserende besonderhede

Swart dame
23 jaar 8 maande
Slaag graad 12 met voorwaardelike vrystelling

### 3.3.2 Probleemstelling

Hierdie leerder benodig hulp met 'n toekomstige beroepskeuse.

### 3.3.3 Skolastiese beeld

| Vak | Graad | Simbool |
|---|---|---|
| Engels Eerste Taal | HG | D |
| Afrikaans Tweede Taal | HG | D |
| Huishoudkunde | SG | C |
| Aardrykskunde | SG | E |
| Biologie | SG | E |
| Kuns | SG | E |

### 3.3.4 Belangrike momente wat uit die ondersoek afgelei kan word

- Vanuit die selfevalueringsvraelys blyk hierdie leerder se taalvaardigheid in Engels goed te wees.
- Die leerder dui aan dat sy graag 'n beroep in een van die volgende velde sou wou beofen: multimedia-uitsaaidiens; elektroniese joernalisme; toerisme.
- Die leerder hou daarvan om te sing en wil graag voor 'n gehoor optree.
- Sy hou daarvan om artikels, stories en briewe te lees en skryf.

### 3.3.5 Proses van voorligting

**Tabel 6.3** Proses van voorligting: gevallestudie drie

| **Tradisionele benadering** | **Postmoderne benadering** |
|---|---|
| **Psigometriese toetse wat ingeskakel is**<br>*Senior Aanlegtoets (SAT)*<br>*19-Veld-Belangstellingsvraelys (19VBV)*<br>*Selfondersoekvraelys (SOV)*<br>*Die Sestienpersoonlikheidsfaktorvraelys (16PF)* | |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| **Proses wat gevolg is** | **Proses wat gevolg kan word** |
| --- | --- |
| Kontakonderhoud: agtergrondgesprek, psigometriese toetse en selfevaluasie.<br>Terugvoergesprek: aanbevelings en verslag.<br><br>**Inligting wat bekom is**<br>▪ Intellektuele moontlikhede<br>Gemiddelde intellektuele vermoë<br><br>▪ Aanlegbeeld<br>Numeries (goed)<br>Geheue (gemiddeld)<br>Klerklike aanleg (gemiddeld)<br>Verbale vermoë (gemiddeld)<br>Visueel-ruimtelike redenering (swak)<br>Handvaardigheid (swak)<br><br>▪ Belangstelling<br>Volgens die *(SOV)* is die leerder se hoogste belangstellingsvelde soos volg:<br>Artisties<br>Konvensioneel<br>Ondernemend<br>Sosiaal<br>Volgens die *19 VBV* openbaar die leerder 'n sterk voorkeur vir openbare optrede, besigheid, kreatiewe denk<br><br>▪ Persoonlikheid<br>***JPV***<br>Ekstrovert wat daarvan hou om met mense | **Fase1**<br>Die leerder vertel waarom sy vir hulp gekom het. Oriënteer haar ten aansien van die voorligtingsproses met betrekking tot die volgende aspekte:<br>▪ Die rol van die voorligter is om die proses te fasiliteer.<br>▪ Die leerder/kliënt gaan aktief deelneem aan die proses en gaan self ook navorsing moet doen oor sekere aspekte.<br>▪ Dit is lang proses wat nie in een of twee sessies afgehandel kan word nie maar sal uit ongeveer ses tot agt sessies van ongeveer 60 minute bestaan.<br>▪ Die kliënt gaan self oor 'n toekomstige beroep besluit.<br><br>Sluit 'n saamwerkooreenkoms.<br><br>Om die kliënt te help om haar verhaal te vertel en die probleem te formuleer word van die 'beroepskaarttegniek'[57] gebruik gemaak. Alles wat die kliënt sê, word die onderwerp van interpretasie en daar word daarop uitgebrei. Die leerder sal sodoende meer van haarself leer deur haarself in 'n beroep te projekteer. |

[57] Hierdie tegniek word in hoofstuk vyf afdeling 6.1.1 beskryf.

| | |
|---|---|
| te werk en haar denke en intuïsie te gebruik om probleme op te los. Funksioneer goed in leiersposisie.<br>***16PF***<br>Volgens die *16 PF* is die leerder lewend na buite en kan sy gespanne raak in vreemde situasies. Sy is sensitief vir kritiek en word beïnvloed deur haar gevoelens. Sy hou daarvan om in 'n groep te werk en is simpatiek en empaties.<br><br>▪ Aanbevelings<br><br>Die volgende kursusse word aanbeveel:<br>✓ Nasionale Diploma in Toersime-bestuur aan die Technikon Pretoria.<br>✓ Indien die leerder oorweeg om 'n graadkursus aan 'n universiteit te gaan studeer moet sy die Matrikulasieraad kontak.<br>✓ Die leerder kan ook oorweeg om 'n een jaar diploma in Reis en Toerisme by **Damelin** te voltooi. | **Fase 2**<br>Om aan te sluit by die kliënt se belangstelling om deur middel van taal te skep, word van die tegniek 'skep van lewenshoofstukke'[58] gebruik gemaak. Die kliënt word versoek om aan haar lewe as 'n outobiografie te dink. Sy moet haar lewe in hoofstukke opdeel en 'n titel vir elke belangrike fase gee. Dié is 'n kreatiewe uitdaging waarop hierdie kliënt goed sal reageer. Die voorligter vra reflektiewe vrae oor elke hoofstuk. Dit sluit konflikte, hoofdoelwitte, ontwikkelingservarings, betekenisvolle invloede, belangstellings, aktiwiteite en invloedryke persone in. Die fokus is op betekenisvorming met die doel om 'n toekomsverhaal wat gerig is op 'n beroepskeuse, te skep.<br><br>**Fase 3**<br>Vorm 'n denkskrum met die leerder waarin die volgende aangespreek word:<br>▪ Watter probleme/hindernisse sou daar wees met die realisering van die beroepskeuses wat gemaak is?<br>▪ Watter persone/instansies kan meer inligting/ervaring oor hierdie beroepe gee?<br>▪ Watter stappe moet die leerder volg om hierdie besluit 'n realiteit te maak? |

[58] Hierdie tegniek word in hoofstuk vyf in afdeling 6.2.2 beskryf

## 3.4 Gevallestudie vier

### 3.4.1 Identifiserende besonderhede

Blanke dogter
16 jaar 5 maande
Graad 11

### 3.4.2 Probleemstelling

Die leerder en haar ouers benodig hulp met haar toekomstige beroepskeuse.

### 3.4.3 Skolastiese beeld

| Vak | Graad | Simbool |
|---|---|---|
| Afrikaans Eerste Taal | HG | A |
| Engels Tweede Taal | HG | B+ |
| Wiskunde | HG | A+ |
| Natuur en Skeikunde | HG | A |
| Duits | HG | A+ |
| Rekeningkunde | HG | A+ |

### 3.4.4 Belangrike momente wat uit die ondersoek afgelei kan word

- Die leerder meld dat sy graag wil kwalifiseer as geoktrooieerde rekenmeester of apteker. Haar ouers wil egter hê dat sy haarself moet kwalifiseer as mediese praktisyn of enige beroep in die mediese rigting. Die kommunikasie tussen die leerder en veral haar vader blyk problematies te wees.
- Sy openbaar 'n voorliefde om met syfers en met mense afsonderlik te werk.
- Sy voel nog onseker oor die kursus waarvoor sy wil studeer, asook die instansie waar sy gaan studeer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 3.4.5 Proses van voorligting

**Tabel 6.4** Proses van voorligting: gevallestudie vier

| Tradisionele benadering | Postmoderne benadering |
|---|---|
| **Psigometriese toetse wat ingeskakel is**<br>▪ *Rothwell-Miller Belangstellingsvraelys*<br>▪ *Selfondersoekvraelys (SOV)*<br>▪ *Senior Aanlegtoetse (SAT)*<br>▪ *Opname van Studiegewoontes en -houdings (OSGH) van Brown-Holtzman.*<br>▪ *Studie-oriëntasievraelys in Wiskunde (SOW)*<br>▪ *Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys (HSPV)*<br>▪ *Jung-persoonlikheidsvraelys (JPV).* | **Psigometriese toetse wat ingeskakel kan word**<br>▪ *Rothwell-Miller Belangstellingsvraelys*<br>▪ *Selfondersoekvraelys (SOV)*<br>▪ *Lewensrolvraelys (LOV)* |
| **Proses wat gevolg is**<br>Kontakonderhoud: agtergrondgesprek, psigometriese toetse en selfevaluasie.<br>Terugvoergesprek: aanbevelings en verslag.<br><br>**Inligting wat bekom is**<br>▪ Intellektuele moontlikhede<br>Hoog superieure intellektuele vermoë.<br><br>▪ Belangstellingsbeeld<br>Volgens die *Rothwell-Miller Belangstellingsvraelys* is haar hoogste aanleg rekenkundig en klerikaal; literêr en medies is hoog-gemiddeld terwyl haar laagste belangstellings sosiaal dienslewerend, wetenskaplik en meganies is. | **Proses wat gevolg kan word**<br>**Fase1**<br>Die ouers en die leerder vertel saam waarom hulle vir hulp gekom het. Oriënteer hulle ten aansien van die voorligtingsproses met betrekking tot die volgende aspekte:<br>▪ Die rol van die voorligter is om die proses te fasiliteer.<br>▪ Die leerder/kliënt gaan aktief deelneem aan die proses en gaan ook self navorsing moet doen oor sekere aspekte.<br>▪ Dit is lang proses wat nie in een of twee sessies afgehandel kan word nie maar sal uit ongeveer ses tot agt sessies van ongeveer 60 minute bestaan. |

| | |
|---|---|
| ***SOV***<br>Volgens die *(SOV)* is haar belangstellingsprofiel konvensioneel, artisties en ondersoekend/ondernemend. Persone met hierdie profiel hou van:<br>✓ Aktiwiteite wat op 'n duidelike en geordende manier georganiseer is.<br>✓ Aktiwiteite waar hulle hul skeppingsdrang kan uitleef.<br>✓ Bedrywighede wat hulle meer leer oor die biologiese en fisiese wetenskappe.<br>✓ Aktiwiteite waar hulle leiding kan neem en ondernemend kan optree in die sakewêreld.<br><br>▪ Skolastiese beeld<br>Volgens die *(OSGH)* moet die volgende aspekte aandag geniet:<br>✓ Die gebruik van meer doeltreffende studiemetodes en goedkeuring van onderwysers se optrede en metodes in die klaskamer.<br>✓ Volgens die *SOW* is die leerder se probleemoplossingsgedrag in wiskunde benede normaal. Dit dui onder andere op ontoereikende beplanning, selfevaluering en besluitneming tydens probleemoplossing in wiskunde dui. Die leerder heg onvoldoende waarde aan die toepassingsmoontlikhede van die vak buite die klaskamer. | ▪ Die kliënt gaan self oor 'n toekomstige beroep besluit.<br><br>Sluit 'n samewerkingsooreenkoms (kontrak).<br><br>Maak gebruik van evalueringsmateriaal[59] soos die Rothwell-Miller Belangstelling-vraelys, Selfondersoekvraelys *(SOV)* en die Lewensrolvraelys *(LOV)*, om die kliënt te help om haar verhaal te vertel. Dit is veral die kwalitatiewe interpretasie van die voorligtings-materiaal wat die verhaal van die kliënt sal rig.<br><br>**Fase 2**<br>Aan die hand van die vraelyste word die kliënt versoek om haar eie sterkpunte begeertes en behoeftes uit te druk. Die kliënt skep dus haar eie verhaal aan die hand van die inligting wat uit die vraelyste bekom is.<br>Gebruik die tegniek 'beroepskaarte'[60]l. Beroepe wat volgens hierdie tegniek gekies word moet deur die leerder verken word (tuiswerk).<br><br>**Fase 3**<br>Vorm 'n denkskrum met die leerder waarin die volgende aangespreek word:<br>✓ Watter uitgagings sou daar wees met die realisering van die beroepskeuses wat gemaak is? |

[59] Hierdie tegniek word in hoofstuk vyf afdeling 6.2.4 beskryf.
[60] Hierdie tegniek word in hoofstuk vyf afdeling 6.1.1 beskryf. p beskryf.

| | |
|---|---|
| ▪ Persoonlikheidsprofiel<br>Aangename, goed aangepasde persoonlikheid. Sy is emosioneel minder stabiel met 'n relatief hoë mate van spanning. Dit is egter nie vreemd of patologies gesien in die lig van die ouderdomsfase waarin die leerder haar bevind nie.<br>▪ Aanbevelings<br>Moontlike studierigtings aan 'n universiteit:<br>✓ BCom met spesialisering in Finansiële Rekenkunde.<br>✓ BCom met spesialisering in versekeringswetenskap/aktuarieel met die oog op aktuaris.<br>✓ B Inligtingtegnologie.<br>✓ Werksontleding is belangrik<br>Die leerder moet meer aandag aan sosiale aktiwiteite afstaan. | ✓ Watter persone/instansies kan meer inligting/ervaring oor hierdie beroepe gee?<br>✓ Watter stappe moet die leerder volg om hierdie besluit 'n realiteit te maak.<br><br>Die kliënt/leerder gee self terugvoer aan haar ouers (met die hulp van die fasiliteerder) oor die keuses wat gemaak is. |

Die buigsaamheid van 'n moontlike model vir beroepsvoorligting word in hierdie gevallestudie geïllustreer deur die proses wat heelwat korter gemaak is. Hierdie kliënt se intellektuele moontlikhede, tesame met die akkurate besluit oor 'n toekomstige beroep, het tot gevolg dat die voorligtingsproses ooreenkomstig die behoefte van hierdie kliënt vinniger kan voltrek word.

In die volgende gevallestudies[61] word slegs die postmoderne benadering tot voorligting gebruik omdat hierdie kliënte nog nie voorheen voorligting ontvang het nie en heel waarskynlik nie binne 'n moderne konteks geholpe sou kon raak nie. Faktore wat 'n moderne, tradisionele benadering onwenslik maak, sluit in: taal, kultuur (daar is nie

[61] Inligting wat met hierdie gevallestudies bekom is sal slegs oorsigtelik gebied word omrede die navorser slegs die proses wat gevolg is tydens die implementering van 'n potensiële postmoderne model vir beroepsvoorligting wil illustreer.

psigometriese toetse wat in hierdie kliënt se taal of kulturele behoeftes kan voldoen nie) en vlak van geletterdheid.

## 3.5 Gevallestudie vyf

### 3.5.1 Identifiserende besonderhede

Swartdame
35 jaar 4 maande

### 3.5.2 Beroepsuitdaging

Die kliënt se werksomstandighede het gedurende die afgelope jaar sodanig verander dat sy 'n beroepsverandering moet doen. Sy benodig leiding rondom dié aangeleentheid.

### 3.5.3 Agtergrond

Die kliënt is getroud en het vier kinders. Die kliënt en haar man werk in Springs. Haar eggenoot werk as 'n tuinier by **Sappi**. Die kliënt self is 'n huishulp. Sy beskik oor geen formele opleiding nie. Sy kan beperk lees en skryf, aangesien sy haarself leer lees en skryf het. Sy is Zoeloesprekend en beskik oor 'n beperkte Engelse woordeskat. Haar ekspressiewe gebruik van Engels is baie gebroke en sy sukkel dikwels om verstaanbaar daarin te kommunikeer.
Die drie oudste kinders (17 jaar, 15 jaar en 11 jaar) is in die sorg van die materne ouma in Middelburg. Die jongste kind (16 maande) is in die sorg van sy moeder.

Na die geboorte van die jongste kind ondervind die kliënt probleme om haar werk as huishulp te verrig vanweë rugprobleme. Dit raak ook vir haar toenemend noodsaaklik om terug te keer na Middelburg, aangesien die materne ouma nie meer in staat is om die kinders te versorg nie. Aangesien hul huis 40 kilometer buite Middelburg geleë is,

en vanweë haar rugprobleem, sal dit nie vir haar moontlik wees om haar huidige beroep te beoefen nie.

### 3.5.4 Proses van voorligting

**Fase een**

Die leerder/kliënt vertel waarom sy vir hulp gekom het. Ondanks die feit dat hierdie kliënt sukkel om haarself in Engels uit te druk, tree sy tog met selfvertroue tydens die voorligtingsproses op. Die kliënt word georiënteer ten aansien van die voorligtingsproses met betrekking tot die volgende aspekte:

- Die rol van die voorligter is om die proses te fasiliteer.
- Die leerder/kliënt gaan aktief deelneem aan die proses en gaan self ook navorsing moet doen oor sekere aspekte.
- Dit is lang proses wat nie in een of twee sessies afgehandel kan word nie maar sal uit ongeveer ses tot agt sessies van ongeveer 60 minute bestaan.
- Die kliënt gaan self oor 'n toekomstige beroep besluit.

Sluit 'n saamwerkooreenkoms (kontrak).

Die kliënt word versoek om 'n collage van haarself en haar lewe te maak. Die *collage* word gebruik om die kliënt te help om haar verhaal te vertel en die probleem te verhelder. Die voorligter maak gebruik van kommunikasievaardighede soos aktiewe luister, peiling en empatie om die kliënt te help om haar verhaal te vertel.

**Fase twee**

In hierdie fase sal die '*collage*-tegniek'[62] gebruik word aan die hand waarvan die volgende vrae aan die kliënt gestel word:

Wat is ek?

Wat wil ek graag wees?

Wat verhinder my om te wees wat ek wil wees?

Waarmee kan hierdie hindernisse oorkom word?

---

[62] Hierdie tegniek word in hoofstuk vyf afdeling 6.2.4 beskryf.

Die kliënt vul self die besonderhede van haar ideale *scenario* in met die hulp van die voorligter wat in die proses die kliënt bewus maak van haar sterk punte, begeertes, verwagtings, behoeftes en moontlikhede wat uit haar verhaal na vore tree.

Die kliënt dui met behulp van die *collage* aan dat sy daarvan hou om met mense te werk, dat sy prakties aangelê is (sy maak self klere en ander nuttigheidsartikels vir haar huis) en dat sy goeie finasiële bestuur openbaar. Die kliënt het drie jaar gelede begin om tweedehandse klere te koop en te herverkoop. Hierdie en ander sterk punte soos dat die kliënt vasberade is in wat sy aanpak, dat sy vriendelik is en dat sy waagmoed openbaar het in hierdie fase aan die lig gekom.

Nuwe beroepsmoontlikhede wat na afloop van hierdie proses gegenereer word sluit in:

- Kleremaakster
- Opleiding aan ander mense in die maak van nuttigheidsartikels
- Tweedehandse kinderklerewinkel
- Maak van krale
- Laslap- en kwiltwerk

**Fase drie**

Vorm 'n denkskrum met die kliënt waarin die volgende hanteer word:

- Watter potensiële uitdagings/geleenthede sou daar wees met die realisering van die beroepskeuses wat gemaak is?
- Watter persone/instansies kan meer inligting/ervaring oor hierdie beroepe gee?
- Watter stappe moet die leerder volg om hierdie besluit 'n realiteit te maak?

Die kliënt word aangemoedig om hulpbronne in haar nuwe gemeenskap te identifiseer wat haar kan help om haar planne te realiseer. Inligting aangaande 'n gratis kursus wat deur 'n swart besigheidsvrou aangebied word (oor hoe om 'n eie onderneming te begin) word aan die kliënt gegee. Sy neem self die besluit om wel hierdie kursus by te woon met die oog daarop om haar eie onderneming te begin.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 3.6 Gevallestudie 6

### 3.6.1 Identifiserende besonderhede

Swartman
26 jaar 7 maande

### 3.6.2 Beroepsuitdaging

Die kliënt kom uit 'n milieubenadeelde gesin en gemeenskap. Hy verlang hulp met die maak van 'n beroepskeuse. Hy is 'n deeltydse student en tuinarbeider.

### 3.6.3 Agtergrond

Die kliënt/leerder het as Tswana grootgeword in die Kuruman distrik. Hy is die tweede oudste van drie broers. Die enigste inligting wat hy oor sy oudste broer bekendstel, is dat hy 'n moord in die gemeenskap gepleeg het etlike jare tevore toe die kliënt in graad nege was. As gevolg van die moord het die gemeenskap die kliënt en sy hele familie uit die gemeenskap geban en hulle in alle opsigte uitgesluit. Die gemeenskap het die familie as 'hekse' beskou en hulle ook uit die omgewing verdryf. Die familie het na die Hammanskraal-distrik verhuis, maar die toestand van die gemeenskapuitsluiting duur vandag nog voort deurdat die kliënt gereeld deur familiebendes aangerand en beseer word op grond van die moord wat sy broer gepleeg het. Hy het geen intieme vriende nie.

Die kliënt is tans werkloos en verrig soms los tuinwerkies in voorstedelike gebiede in en om Pretoria. Hy is tans die enigste broodwinner in die gesin.

**Skolastiese beeld**

| Vak | Simbool |
|---|---|
| Tswana | E |
| Engels | E |
| Afrikaans | E |
| Biologie | C |
| Geskiedenis | E |
| Bybelkunde | E |

Die leerder het in 1997 die volgende vakke van die kursus *Introduction to Human Resources Management* aan die Thuto-Matlhale College in Mamelodi voltooi:

| | |
|---|---|
| Communication | 47% |
| Entrepreneurship and Business Management | 52% |
| Computer Practice | 50% |
| Personnel Management | 45% |

Hy moes die kursus staak weens finansiële redes.

### 3.6.4 Proses van voorligting

**Fase een**

Die leerder/kliënt vertel waarom hy vir hulp gekom het. Die kliënt openbaar 'n toereikende kommunikasie vermoë tydens die voorligtingsproses. Die kliënt word georiënteer ten aansien van die voorligtingsproses met betrekking tot die volgende aspekte:

- Die rol van die voorligter is om die proses te fasiliteer.
- Die leerder/kliënt gaan aktief deelneem aan die proses en gaan self ook navorsing moet doen oor sekere aspekte.
- Dit is lang proses wat nie in een of twee sessies afgehandel kan word nie maar sal uit ongeveer ses tot agt sessies van ongeveer 60 minute bestaan.
- Die kliënt gaan self oor 'n toekomstige beroep besluit.

Die kliënt word vesoek om 'n aantal tekeninge van sy familie en sy eie posisie in die familie te maak. Hierdie tegniek word gebruik om die kliënt se kollektiwistiese kultuuropvatting binne die voorligtingsituasie te verreken. Die kliënt vertel sy verhaal aan die hand van hierdie tekeninge. Die voorligter maak die kliënt bewus van sy begeertes, belangsteling, sterk punte en behoeftes aan die hand van die inligting wat uit die bespreking van sy tekening ontstaan.

**Fase twee**

In hierdie fase word die kliënt versoek om sy eie outobiografie te skep deur gebruik te maak van die 'skep van lewenshoofstukke-tegniek'. Die voorligter fasiliteer die proses deur die kliënt te help om titels toe te ken aan die belangrike fases of tydperke in die lewe van die kliënt. Die voorligter vra reflektiewe vrae oor die inhoud van elke fase en vra die kliënt om konkrete beskrywings te maak van elke fase. Die kliënt skep die volgende lewenshoofstukke:

**Lewenshoofstukke vanaf geboorte tot die huidige *scenario***

Geboorte

Die fase toe hy opgegroei het in die Kuruman-distrik

Laerskool

Hoërskool

Die isolasie vanaf die gemeenskap vanweë die moord wat sy broer gepleeg het

Die lewe het verander

Eensaam -- geen vriende nie

Misverstande tussen sy familie

**Sy toekomshoofstukke sluit in**

Entrepreneur word

Navorsing doen oor die vryemark

Wil die vryemark betree

Inligting wat uit hierdie fase bekom is sluit in:

- Die kliënt openbaar 'n behoefte aan selverwesenliking.
- Hy hou daarvan om met plante en diere te werk.
- Geestelike waardes is vir hom baie belangrik.
- Hy sukkel om konflik te hanteer en vermy eerder interpersoonlike kontak.
- Hy verkies handearbeid bo skriftelike take

Beroepe wat saam met die kliënt na afloop van hierdie fase gegenereer word sluit in:

- Landbouprodukte entrepreneur
- Tuindiensteverskaffer
- Komposproduksie en verkoper van die produk
- Vrugte- en groenteverkoper

**Fase drie**

Vorm 'n denkskrum met die kliënt waarin die volgende hanteer word:

- Watter potensiële uitdagings/geleenthede sou daar wees met die realisering van die beroepskeuses wat gemaak is?
- Watter persone/instansies kan meer inligting/ervaring oor hierdie beroepe gee?
- Watter stappe moet die leerder volg om hierdie besluit 'n realiteit te maak?

'n Potensiële uitdaging wat deur die kliënt en die voorligter geïdentifiseer word is die hantering van die gemeenskap waarin hy hom bevind. Vanweë die kollektiwistiese aard van sy gemeenskap word sukses wat deur die individu behaal word as 'n bedreiging beskou en kan moontlik tot verdere verwerping lei. Daar word veral gefokus op die hulpbronne wat in sy eie gemeenskap bestaan wat vir hom die geleentheid sal bied om sy eie ondernemimg te begin. Die kliënt spreek die behoefte uit om eers marknavorsing te gaan doen ten einde vas te stel met watter onderneming hy die meeste sukses sal behaal.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die lig van die ses gevallestudies wat bespreek is, word enkele toepassingsmoontlikhede daarvan binne groepsverband vervolgens bespreek.

## 4 TOEPASSINGSMOONTLIKHEDE BINNE GROEPSVERBAND

Hierdie model vir voorligting (op mikrostrukturele vlak) kan bepaalde toepassingmoontlikhede binne groepsverband hê. Aspekte van die onderskeie fases soos die aflê van psigometriese toetse, denkskrums om aksieplanne te genereer en die inoefening van werksvaardighede, soos onder andere onderhoudvoering, sou gemaklik in kleingroepintervensie kon voltrek word ten einde tydeffektief te funksioneer.

Groepintervensie op makrostrukturele vlak verg egter ander beplanning in die uitvoer van hierdie model omdat daar voorsiening gemaak moet word vir die skep van programme wat by skole en gemeenskapsleersentra geïmplementeer kan word.

Vanweë die aard van makrostruturele intervensie, (wat opsigself omvangryke beplanning verg) sal daar nie in hierdie studie op die toepassingsmoontlikhede van ’n postmodernistiese model vir voorligting op makrostukturele vlak gefokus kan word nie. Aanbevelings in hierdie verband sal in hoofstuk sewe gemaak word.

## 5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gepoog om die bruikbaarheid van 'n moontlike postmodernistiese model vir beroepsvoorligting aan die hand van enkele gevallestudies te illustreer. Die tradisionele benadering tot voorligting is as vertrekpunt gebruik waarna die moontlike postmodernistiese model op dieselfde gevallestudies van toepassing gemaak is. Enkele gevallestudies wat aan die hand van 'n potensiële postmodernistiese model tot beroepsvoorligting voorligting ontvang het, is ook uitgevoer ter illustrasie van die bruikbaarheid van só 'n model.

Enkele aspekte wat van belang is en wat na vore getree het in 'n postmoderne benadering tot voorligting sluit die volgende in:

- Voorligting is 'n proses van berading wat ooreenkomstig die behoefte van die leerder/kliënt aangepas en ontwerp word.
- Voorligting impliseer die aktiewe deelname van die voorligter en die kliënt, waar die kliënt die besluite neem.
- Psigometriese toetse vorm nie noodwendig deel van die voorligtingsproses nie en wanneer dit wel gebruik word, word dit oordeelkundig gedoen. Psigometriese toetse word nou gebruik as instrumente wat die kliënt help om betekenis te vorm.

Die implementering van slegs enkele tegnieke kan uiteraard in 'n studie van hierdie aard geïlustreer word. Vanweë die eklektiese aard van hierdie benadering sou enige geskikte tegniek boonop aangewend kon word in die plek van die tegnieke wat telkens geïllustreer word. Die belangrikste aspek wat aandag sou moet geniet in die uitoefening van 'n keuse van tegnieke sou wees dat dit aanpas by die behoefte van die kliënt en dat dit **die doel waarvoor dit aangewend word, verwesenlik**.

Die klemverskuiwing vanaf die voorligter as 'ekspert' na die kliënt as 'skepper' van sy/haar eie verhaal wat deur hierdie model geïllustreer word, reflekteer die hartklop van die postmoderne beweging en kan 'n potensieel betekenisvolle bydrae lewer tot die ontwikkeling van beroepsvoorligting binne 'n postmoderne era.

# DIE ONTWERP VAN 'N POSTMODERNISTIESE MODEL VIR BEROEPSVOORLIGTING

**Hoofstuk 1**

Inleiding, konseptualisering, probleemstelling en programaankondiging

↓

**Hoofstuk 2**

`n Oorsig van enkele epistemologiese vertrekpunte tot beroepsvoorligting

↓

**Hoofstuk 3**

Kultuur en kruiskulturele faktore in die ontwerp van `n model vir beroepsvoorligting

↓

**Hoofstuk 4**

`n Oorsig van bestaande modelle vir beroepsvoorligting

↓

**Hoofstuk 5**

`n Postmodernistiese model vir beroepsvoorligting

↓

**Hoofstuk 6**

Implementering en uittoetsing van die model

↓

**Hoofstuk 7**

**Samevatting en aanbevelings**



# HOOFSTUK SEWE SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

## 1 INLEIDING

Een van die algemeenste behoeftes wat deur menige individu uitgespreek word, is die behoefte om 'n goeie beroep te beoefen waarin die persoon suksesvol en gelukkig kan wees. Dit is verder ook geen vreemde verskynsel dat menige individue na afloop van een of ander vorm van voorligting steeds voel dat hulle nie weet watter beroepskeuse om uit te oefen nie.

Verskeie verklarings kan vir hierdie verskynsel aangebied word. Wat egter duidelik na vore tree, is dat twintigste eeuse benaderings ten opsigte van voorligting besig is om in 'n toenemende mate irrelevant te raak vir die groep wat dit veronderstel is om te bedien. Voortdurende verandering in die Suid-Afrikaanse gemeenskap sowel as wêreldwye veranderinge in samelewingstendense het tot gevolg dat die benadering wat ten aansien van voorligting gevolg is, nie meer in die behoeftes en diversiteit van leerders huidig voldoen nie.

Ernstige oorweging moet geskenk word aan invloede soos die postmodernisme en die implikasies wat dit vir die terrein van die beroepsvoorligting inhou. Studies wat spesifiek hierdie samelewingsverskynsel bestudeer, behoort ondersteun en aangemoedig te word ten einde te verseker dat daar op hoogte gebly word met die nuutste tendense.

In hierdie ondersoek is 'n potensiële model ontwerp aan die hand waarvan beroepsvoorligting binne 'n postmodernisties konteks voltrek kan word. Deur middel van dié model is daar gepoog om die buigsaamheid van die postmoderne benadering

asook die klemverskuiwing wat plaasgevind het in die proses van voorligting in 'n postmoderne konteks te illustreer.

## 2 DOEL MET DIE STUDIE

Die hoofdoel van hierdie studie is om 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting te ontwerp. Onderliggend aan hierdie doel is die oogmerk om die mag wat aan voorligters in die moderne era (spesifiek die tradisionele benadering tot beroepsvoorligting) toegeken is, te dekonstrueer en te omskep in 'n voorligtingsproses wat in samewerking met die kliënt geskep word. Verskeie aspekte is om hierdie rede van belang, byvoorbeeld die uitgangspunte waarop 'n postmoderne benadering berus, 'n deurskouing van bestaande modelle en teorieë wat in hierdie herkonstruksieproses geïntegreer kan word, en kulturele en ander behoeftes van die kliënt. In die lig van die begronde inligting wat uit hierdie studie bekom is, kon 'n potensiële model vir beroepsvoorligting binne 'n postmodernistiese konteks ontwerp word.

## 3 SAMEVATTING VAN DIE STUDIE MET DIE OOG OP AANBEVELINGS

Die studie het soos volg verloop:

### 3.1 Hoofstuk een

Ten einde die navorsingstema wat in hierdie studie ondersoek word, te begryp, is enkele begrippe verhelder. Dié begrippe blyk direk of by implikasie vanuit die titel naamlik: *Die ontwerp van 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting.*

Die aktualiteit van hierdie studie is binne die postmoderne Suid-Afrikaanse konteks verantwoord. In hierdie verantwoordingsproses is die behoeftes van die leerder/kliënt sentraal gestel met die doel om die individualiteit en diversiteit van alle leerders te akkommodeer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Probleem is geformuleer aan die hand waarvan enkele navorsingsvrae gestel is. 'n Metetodologiese verantwoording oor die denkverloop van hierdie studie is gedoen om die verloop daarvan duidelik te maak. Die hoofdoel van hierdie studie is die ontwerp van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting. Met hierdie doel voor oë is dit noodsaaklik om enkele epistemologiese vertrekpunte rakende beroepsvoorligting, kulturele en kruiskulturele faktore (wat in die ontwerp van 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting in ag geneem moet word) en enkele bestaande modelle aan die hand waarvan beroepsvoorligting tans voltrek word, te ondersoek.

Die konseptualisering van só 'n model moet geskied aan die hand van beginsels en uitgangspunte wat onderliggend is aan die postmodernisme.

### 3.2 Hoofstuk twee

In hierdie hoofstuk is 'n oorsig gebied van enkele epistemologiese vertrekpunte tot beroepsvoorligting. Die standpunte van bekende teoretici soos Holland, Super, Krumboltz, Roe en Tiedeman is uitgelig aan die hand van 'n deurskouing van elk se stellings en 'n kritiese evaluasie van elke teorie. Die epistemologiese standpunte van die postmoderne benadering is vervolgens uitgelig.

Die deurskouing van bestaande teorieë oor beroepsvoorligting dien eerstens as basis vir die beoordeling van bestaande modelle vir beroepsvoorligting wat tans deur tersiêre instansies gebruik word. Tweedens kan dit as basis dien vir die beredenering en formulering van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting.

### 3.3 Hoofstuk drie

Ten einde hierdie studie en uiteindelik die konseptualisering van 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting verteenwoordigend te maak van 'n 'nuwe' multikulturele

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Suid-Afrikaanse samelewing, is dit vanselfsprekend dat kulturele en kruiskulturele faktore wat 'n invloed uitoefen op die voorligtingsituasie in ag geneem sal word.

In hierdie hoofstuk is terme soos "kultuur", "kruiskultureel", "multikulturaliteit" en "ras/etnisiteit" verhelder en bespreek. Enkele aannames oor kultuurverskille, die verband tussen kultuur en wêreldbeskouing, enkulturasie en akkulturasie asook die etiese en emiese perspektief van kultuur is ook deurskou.

Daar is in die besonder aandag gegee aan kulturele belemmeringe wat die proses van beroepsvoorligting beïnvloed. Kulturele belemmeringe wat geïdentifiseer is, sluit in: kommunikasie (verbaal of nie-verbaal), geslagsverskille, verskille in wêreldbeskouings en verskille in werkswaardes (roepingsbewustheid, individualisme, deeglikheid, tydkonsep, dissipline, kommunikasie, prestasie motivering, vooroordele en stereotipering).

Hierdie hoofstuk is afgesluit met 'n deurskouing van hoe kultuur moontlik binne 'n postmodernistiese konteks gekonseptualiseer kan word. Die verdraagsaamheid teenoor verskillende kulture en die diversiteit wat daaruit ontstaan, word beklemtoon. Multikulturele diversiteit word deur die postmodernisme as geldig bestempel en hoog geag. Geen illusies bestaan egter oor die invloed van kulturele mag wat steeds uitgeofen word nie.

## 3.4 Hoofstuk vier

In hierdie hoofstuk is ondersoek ingestel na die bestaande modelle vir voorligting soos dit manifesteer in tersiêre opleidingsinstansies in Suid-Afrika en ook op internasionale vlak. Kommunikasie met verskeie plaaslike universiteite en technikons, asook enkele internasionale universiteite is bewerkstellig by wyse van 'n skriftelike versoek om inligting aangaande die model van beroepsvoorligting wat tans deur dié onderskeie instansies gebruik word.

Op grond van die inligting wat deur die onderskeie instansies beskikbaar gestel is, kon sekere afleidings oor die ontwikkeling en vooruitgang wat reeds op die terrein van beroepsvoorligting tot stand gekom het, gemaak word. Vanuit hierdie inligting kon verskille sowel as gemeenskaplikhede aangaande die modelle van voorligting wat tans in gebruik is afgelei word. Die mate waarin die postmoderne invloede reeds vergestalt word in die benadering tot voorligting kon ook geëvalueer word.

### 3.5 Hoofstuk vyf

'n Deurskouing van die postmoderne benadering kan slegs gedoen word indien die moderne benadering waaruit dit ontstaan het, in oënskou geneem word. Die postmodernisme het ontstaan as gevolg van die reaksie wat teen die modernisme tot stand gekom het. In hierdie hoofstuk is gereflekteer op die tekorte, ontwikkelinge en gebeure wat aanleiding gegee het daartoe dat die moderne era nie langer aan die verwagtinge en eise van die wêreldbevolking voldoen nie, wat tot die uiteindelike en onafwendbare einde van hierdie era aanleiding gegee het. In die plek hiervan het die postmoderne era na vore getree wat universele wette en vaste begrondinge wil dekonstrueer tot plaaslike belang.

Enkele verteenwoordigers van die postmodernisme soos Derrida, Foucault, Lyotard, Rorty en Jencks se standpunte aangaande die postmodernisme is beskryf. Dié standpunte bied 'n raamwerk waarvolgens die kernelemente van die postmoderne beweging afgelei kan word. Aan die hand van hierdie deurskouing kan 'n duidelike onderskeid getref word tussen die moderne en postmoderne benadering en die manier waarop dit impakteer op beroepsvoorligting.
Beroepsvoorligting is in hierdie hoofstuk binne die postmodernistiese konteks geplaas ten einde die verandering wat tot stand kom, te identifiseer en die benadering omtrent beroepsvoorligting aan te pas. Enkele riglyne en innovasies op die terrein van beroepsvoorligting is aan die lig gestel en tesame met die doelwitte vir lewensoriëntering (soos vervat in Kurrikulum 2005) aangewend om 'n potensiële model vir beroepsvoorligting binne 'n postmodernistiese konteks te skep.

Die narratiewe basis waarop 'n potensiële model vir beroepsvoorligting gebaseer word, is beskryf. Die beskrywing van só 'n model word aan die hand van verskillende fases voltrek.

Enkele aspekte wat verreken moet word in 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting op makrostrukturele vlak is vermeld ten einde 'n geïntegreerde potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting daar te stel.

### 3.6 Hoofstuk 6

In hoofstuk ses is die toepassingsmoontlikhede van 'n potensiële postmodernistiese model vir beroepsvoorligting aan die hand van enkele gevallestudies geïllusteer. Daar is gebruik gemaak van gevallestudies wat reeds voorligting aan die hand van die tradisionele moderne benadering tot beroepsvoorligting ontvang het. Inligting wat op grond van hierdie gevallestudies bekom is, is van toepassing gemaak op 'n potensiële postmodernistiese model vir voorligting. Die proses van voorligting wat in die tradisionele benadering gevolg is, is teenoor die voorgestelde proses van voorligting aan die hand van 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting gestel. Hierdie strategie is aangewend om die klemverskuiwing wat plaasgevind het in beroepsvoorligting vanaf 'n moderne na 'n postmoderne benadering, te illustreer. Enkele ander gevallestudies is ook aangewend aan die hand waarvan die bruikbaarheid van 'n potensiële postmodernistiese model geïllustreer is.

Enkele ander gevallestudie wat slegs aan die hand van 'n potensiële postmodernistiese model voorligting ontvang het is ook in die studie ingesluit ten einde die bruikbaarheid van sodanige model te illustreer.

## 4 BEPERKINGS VAN HIERDIE STUDIE

Na afloop van hierdie studie kan die volgende beperkings (wat volgens postmoderne termnologie natuurlik 'uitdagings' genoem word) van die studie geïdentifiseer:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Hierdie studie is grotendeels toegepas op beroepsvoorligting binne 'n mikrostrukturele konteks. Die toepassing van 'n potensiële model van beroepsvoorligting voltrek hoofsaaklik aan die hand van mikrostrukturele inhoude aangesien die omvang van makrostrukturele intervensieprogramme, vanweë die besondere aard daarvan, nie in 'n studie van hierdie omvang tot reg kan kom nie.
- Die postmodernistiese model vir beroepsvoorligting is op sigself oop vir talle interpretasies. Hierdie interpretasies kan varieer ooreenkomstig die perspektiewe wat deur die verskillende individue geneem word. Dit laat ruimte vir buigsaamheid en verandering ooreenkomstig die behoeftes wat daardeur aangespreek word. Vanweë die aard van hierdie studie, asook die perspektief van die navorser, word egter net een indruk van hierdie model weergegee -- dit laat moontlik nie reg geskied aan die buigsaamheid en aanpasbaarheid daarvan nie.
- Die gebruik van gevallestudies as navorsingsmetode het uiteraard bepaalde tekortkominge soos dat navorsers sekere aspekte van die toetsresultate en inhoude in die voorligtingsessies verskillend mag interpreteer.
- Ofskoon daar talle ander toepassingsmoontlikhede bestaan ten opsigte van tegnieke wat hanteer kan word in hierdie proses, kan daar uiteraard slegs enkele tegnieke aangespreek word. Die hoop word egter uitgespreek dat die toepassingsmoontlikhede van ander tegnieke wel raakgesien sal word deur voorligters wat van hierdie model gebruik wil maak.
- Die gebruik van gevallestudies waardeur kliënte reeds aan die hand van die moderne tradisionele benadering beroepsvoorligting ontvang het, het onskatbare insigte gegenereer aangaande die klemverskuiwing wat plaasgevind het vanaf 'n moderne na 'n postmoderne benadering. Die beperkinge hieraan verbonde is egter geleë daarin dat dinamiese momente wat tydens interaksie met 'n kliënt na vore sou tree, verlore gaan. Gevolglik kan die 'slaggate' wat in die voorligtingsproses bestaan nie sigbaar word nie en deur middel van verfyning van die model hanteer word nie.
- Die ideaal in die ontwerp en implementering van enige nuwe model sou wees dat die voorligter of persoon wat die model ontwerp self die model moet deurloop in die voorligtingsproses. Die motivering hiervoor sou wees dat die voorligter self die model behoort te ervaar en die probleme met die model vanuit die perspektief van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die kliënt beleef. Vir hierdie ideaal om te realiseer sou dit egter nodig wees dat die voorligter wat die model ontwerp het, deur 'n ander voorligter (wat volkome op hoogte is met die model en die uitgangspunte daarvan), voorligting ontvang. Uiteraard is so iets moeilik realiseerbaar veral wanneer daar vanuit 'n nuwe benadering soos die postmodernisme gewerk word omdat daar min voorligters sal wees wat op hoogte van die uitgangspunte rondom hierdie benadering sal wees. Hierdie leemte sou egter in verdere opleiding en namate die bewustheid van beroepsvoorligting binne 'n postmodernistiese konteks toeneem, goed ondervang kan word.

- Vanweë die narratiewe basis van die potensiële model van beroepsvoorligting wat in hierdie studie voorgestel word, kan kliënte wat 'n taalagterstand of onvermoë ervaar om in die taal van die voorligter te kommunikeer, bepaalde beperkinge ervaar wat die voorligtingsproses nadelig kan raak.

## 5 GEVOLGTREKKINGS

- Uit hierdie studie spreek die behoefte aan 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting duidelik. Ten einde beroepsvoorligting as studieveld relevant en kompeterend te hou, het dit 'n onafwendbare realiteit geword dat nuwe ontwikkelings in die Suid-Afrikaanse konteks en wêreldwyd verreken moet word in die benadering tot beroepsvoorligting.
- Bestaande epistemologiese vertrekpunte tot beroepsvoorligting verskaf 'n ryk bron waaruit die voorligter binne 'n postmodernistiese konteks eklekties te werk kan gaan om perspektief te gee aan die konseptualisering van 'n potensiële model van beroepsvoorligting. Die moontlikhede wat hieruit na vore tree, is onbeperk en divers en kan deur elke voorligter anders gevisualiseer word.
- Die postmoderne uitgangspunte wat belangrik is in die ontwerp van 'n postmodernistiese model vir beroepsvoorligting sluit in:

✓ Die voorligtingsituasie word nie meer gekenmerk deur 'eksperte' nie. Die voorligter en die kliënt neem onderskeidelik deel aan die proses waar die rol van die voorligter is om die betekenisvorming van die kliënt te fasiliteer. Die kliënt tree as

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- ✓ 'skepper' van sy/haar eie toekomsverhaal op, en neem aktief deel aan die proses én die uiteindelike besluitneming.
- ✓ Die voorligtingsituasie is 'n proses van berading wat onderworpe en afhanklik is aan die kliënt se betekenisvorming.
- ✓ Betekenisvorming kan op verskeie manier gefasiliteer word. Daar kan onder andere van voorligtingsmateriaal gebruik gemaak word deur dit op 'n kwalitatiewe wyse te interpreteer en te integreer by die betekenisvormingsproses van die kliënt.
- ✓ Buigsaamheid vir die behoeftes en diversiteit van die kliënt word as beginsel gestel.
- Die struktuur wat in hierdie studie aan 'n potensiële model vir beroepsvoorligting gegee is, verteenwoordig slegs 'n enkele perspektief. Daar kan egter verskeie perspektiewe toegeken word ooreenkomstig die uitgangspunte en met inagneming van die doel waarvoor dit gebruik wil word.
- Die sukses van enige model vir voorligting sal bepaal word deur die mate waarin dit kliënte tot persoonlike betekenisvorming fasiliteer.

# 6 AANBEVELINGS

## 6.1 Aanbevelings wat betrekking het op hierdie studie

- Voorligters wat die volle voordeel uit die eklektiese aard van die postmoderne benadering wil put, moet hulself deeglik op hoogte bring van bestaande teorieë aangaande beroepsvoorligting. 'n Uitgebreide raamwerk aangaande bestaande tegnieke wat in voorligting gebruik kan word, sal die aanpasbaarheid van die voorligter by die behoeftes en omstandighede van die kliënt aansienlik vergemaklik.
- Voorligters wat met kliënte uit ander kulture as hul eie werk, behoort oor addisionele vaardighede te beskik ten einde hul kliënte beter te kan begryp. Hierdie vaardighede sluit in dat:
- ✓ Die voorligter bewus moet word van sy/haar eie kulturele erfenis, waardes en vooroordele.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- ✓ Die voorligter bewus moet wees van sy/haar eie moontlikhede of beperkings om met kliënte uit ander kulture te kan werk. Indien 'n voorligter voel dat hy/sy nie vaardig genoeg is om met kliënte uit ander kulture te werk nie, behoort daardie kliënt verwys te word.
- ✓ Die voorligter dit sy/haar taak moet maak om kennis aangaande ander kulture te bekom.
- Opleiding aan voorligters om kultuurvaardig te raak behoort 'n noodsaaklike komponent van opleiding te wees.
- Die narratiewe/verhalende basis waarop hierdie potensiële model vir beroepsvoorligting berus, noodsaak die volgende aanbevelings:
- ✓ Voorligters moet hulself toeganklik maak vir die verhale van hul kliënte.
- ✓ Die voorligter moet veral vaardig wees om aktief te luister na dit wat die kliënt vertel.
- ✓ Die voorligter moet die kliënt se verhaal volkome begryp en sorg dra dat die kliënt se verhaal getrou is aan die woorde en intensies van die kliënt.
- ✓ Die waardes van die voorligter mag nie die waardes wat die kliënt aan ervarings en gebeure toedig, beïnvloed nie.
- ✓ Die voorligter moet daarteen waak om toe te gee aan die versoeking om die kliënt van raad te bedien.
- Ten einde 'n potensiële postmodernistiese model vir voorligting suksesvol te laat realiseer, is dit belangrik dat voorligters hul kliënte vanuit 'n dinamiese en nie 'n statiese perspektief beskou nie.
- Opleiding aangaande die postmodernistiese benadering tot beroepsvoorligting is noodsaaklik ten einde toekomstige beroepsvoorligters oor hierdie benadering in te lig. Enige vooroordele wat normaalweg teenoor nuwe ontwikkelings ervaar word, behoort in opleiding aangespreek te word.
- Toepassing en verfyning van hierdie voorgestelde model kan gedoen word deur voorligters self eers te onderwerp aan die model voordat dit met kliënte toegepas word.
- Voortdurende selfopleiding is noodsaaklik ten einde vaslegging en uitbreiding van die voorligter se ervarings en vaardighede met die gebruik van 'n potensiële model vir beroepsvoorligting te verseker.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 6.2 Aanbevelings vir verdere navorsing

Verdere aanvullende navorsing kan moontlik ten opsigte van die volgende onderneem word:

- Navorsing ten aansien van die kliënt/leerder se belewing van die proses van voorligting wat aan die hand van 'n postmodernistiese model voltrek word. Veranderlikes wat in só 'n studie aangespreek kan word, sluit in:
- ✓ Die kliënt se persepsie of gesindheid ten aansien van voorligting vanuit hierdie benadering.
- ✓ Kulturele en taalaspekte wat 'n rol speel in die voorligtingsproses.
- ✓ Die impak wat die voorligter op die kliënt het in terme van vaardigheid en effektiwiteit.
- ✓ Die navors en saamstel van informele instrumente (vraelyste) wat deur die voorligter voltooi kan word voordat met kliënte uit ander kulture gewerk word -- ten einde hulle te sensiteer vir die behoeftes van hul kliënte voordat voorligting 'n aanvang neem.
- Die ontwerp en implementering van programme vir voorligting op makrostrukturele vlak aan die hand van 'n postmodernistiese benadering. Enkele voorstelle in hierdie verband sou die volgende insluit:
- ✓ Die beplanning en ontwikkeling van lewensvaardigheidsprogramme.
- ✓ Die loods van programme wat die algemene bewustheid van beroepsvoorligting binne 'n postmodernistiese konteks sal verhoog.
- ✓ Die inisieer van programme wat alle fasette van beroepsvoorligting sal ondervang.
- ✓ Die ontwikkeling van opleidingsprogramme vir onderwyspersoneel van skole en leersentra.
- ✓ Die inisieer van programme om die hulpbronne wat in 'n gemeenskap bestaan vir die leerders toeganklik te maak.

# 7 SAMEVATTING

Die belangrikste rol van die beroepsvoorligter binne 'n postmodernistiese konteks sou wees om deur middel van die voorligtingsproses kliënte te fasiliteer om sinvolle

persoonlike betekenis aangaande die wêreld van werk te vorm. Dit is die verantwoordelikheid van elke beroepsvoorligter om binne die konteks waarin hy/sy hom/haar bevind, op hoogte te bly met die nuutste ontwikkelinge en te voldoen aan die steeds groeiende eise en verwagtinge wat deur die samelewing gestel word. Die eis tot uitnemendheid en vaardigheid wat aan beroepsvoorligters gestel word, is in die navorser se opinie **'n reg** waarop elke kliënt kan aanspraak maak.

Die volgende aanhaling van Gardner (in Goleman 1996:37) vind ter afsluiting aansluiting by die standpunte wat in hierdie studie gehuldig is:

> *The time has come to broaden our notion of the spectrum of talents. The single most important contribution education can make to a child's development is to help him toward a field where his talents best suit him, where he will be satisfied and competent. We've completely lost sight of that. Instead we subject everyone to an education where, if you succeed, you will be best suited to be a college professor. And we evaluate everyone along the way according to whether they meet the narrow standard of success. We should spend less time ranking children and more time helping them to identify their natural competencies an gifts, and cultivate those. There are hundreds and hundreds of ways to succeed, and many, many different abilities to help you get there.*